IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen -

| | |
|---|---|
| NCIMBITHI JOHNSON LUBISI | Eerste Appellant |
| PETRUS TSEPO MASHIGO | Tweede Appellant |
| NAPHTALI MANANA | Derde Appellant |
| en | |
| DIE STAAT | Respondent |

---

A P P È L

TEEN DIE SKULDIGBEVINDINGS EN VONNISSE VAN SY EDELE REGTER J.P.O. DE VILLIERS GELEWER IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING) OP 17 NOVEMBER 1980.

---

| NAMENS APPELLANTE: | NAMENS RESPONDENT: |
|---|---|
| PRISCILLA JANA & ASSOCIATES,<br>2de Vloer Abbey Huis,<br>Commissionerstraat 51,<br>JOHANNESBURG. | DIE PROKUREUR-GENERAAL,<br>PRETORIA. |
| WEBBER & NEWDIGATE,<br>Maitlandstraat 136,<br>BLOEMFONTEIN. | DIE PROKUREUR-GENERAAL,<br>BLOEMFONTEIN. |

---

VOLUME 19

(bl. 1676 - 1776)

# I N D E K S

## VOLUME 19

BLADSY

UITSPRAAK, vervolg ------------------------ 1676 - 1776

wat kaptein Nel gevind het op 17 Julie in basis 2 te Ga-Rankuwa, foto 8, BEWYSSTUK AH. Op die agterkant van die sigaret-dosie was daar 'n sketsplan aangebring met 'n bal-puntpen wat hy ondersoek het, en gevind het dat die skets wesenlik ooreenstem met die uitleg van die Waltloo petrol-depots soos op foto 9 en foto 10, BEWYSSTUK AH, verskyn. Hierdie geskrewe punte op die kaart met die ronde ringe wat die opgaartenks sou aantoon, is deurgekrap, maar wat kaptein Nel na verwys, is sigbaar indien 'n mens daarna kyk. Ek wil net hier byvoeg dat vir 'n oningeligte wat nie goed hierna gekyk het nie, hierdie sigaretdosie, BEWYSSTUK 21, niksseggend sou wees nie.

Op 13 Februarie tengevolge van 'n berig is kaptein Nel na 'n plek tussen Eerste Rust en Mamelodi, Foto 7, BEWYSSTUK AG. Hy het verduidelik dat die E met 'n sirkel daarom is die plek waar die ontploffing plaasgevind het onder 'n boom. Hy het die toneel ondersoek en foto's 10 tot 12 toon die omgewing en veral die boom wat naaste aan die gat van die ontploffing was, toon merke van 'n ontploffing. Hy het tekens gekry dat mense daar tydelik vertoef het onder die boom. Daar het hy klerasie gekry en, onder andere, 'n rooi drasak, soos aangetoon op foto 13 BEWYSSTUK AG. Hy het die sak ondersoek en verskeie dokumente daarin gekry. Onder andere het hy ook 'n hospitaalkaart gekry met die naam van Solly Moswetswa. Hy was van mening dat die ontploffing veroorsaak was deur 'n handgranaat, 'n offensiewe tipe. 'n Persoon was daar beseer, 'n sekere Klaas Mahlangu. Hy is later losgelaat.

Al die artikels wat in daardie sak was, het hy na Compolgebou gebring waar hy beskuldigde nr. 5 op 15 Februarie gespreek het. Dit was ongeveer 10h00 tot 11h00.

Die verskeie bewysstukke wat getoon word op foto 13 het op sy tafel daar rondgelê asook die rooi drasak. Uit sy eie het beskuldigde na die sak geloop, daarin gekyk, die hospitaalkaart uitgehaal en 'n rapport aan hom gemaak, naamlik dat die hospitaalkaart betrekking het op hom en sy eie is. Hy het verduidelik dat hierdie <u>BEWYSSTUK 20 (A)</u> aan hom uitgereik is, omdat hy hospitaalbehandeling ontvang het.

Hy het toegegee in kruisondervraging dat dit so kan wees dat beskuldigde nr. 5 die hospitaal twee of drie keer kon besoek het. Hy het verder ook gesê dat die rede waarom beskuldigde die hospitaal besoek het, was aan hom verstrek, naamlik dat hy aan veneriese siekte gely het en 'n borsbehandeling ontvang het. Hy was nie seker of die beskuldigde baie siek was tussen 24 Desember en 14 Januarie
K166 nie, want die eerste keer toe hy die beskuldigde gesien het, was op 29 Januarie. Hy het egter toegegee dat die beskuldigde tydens aanhouding deur 'n dokter behandel is.

Dit, in hoofsaak, is die getuienis vir die Staat met betrekking tot beskuldigdes nrs. 4 en 5 en gaan ek nou oor na behandeling van die saak teen beskuldigdes nrs. 6 en 7.

Dit gaan merendeel hier oor wat beskuldigdes nrs. 6 en 7 aan 'n sekere Jane Khambule en haar twee seuns verkondig het en veral die stelling van die Staat dat daar gepoog is om vir die twee Khambule-seuns, Jeffrey en Edward, te werf as lede van die ANC. Sy het getuig dat sy te Lamontville, Durban, woonagtig is. Op 'n Saterdag in Januarie 1980 was sy by haar huis in Lamontville, toe drie persone daar na haar toe gekom het. Ongeveer 15h00 na 16h00 het twee persone daar opgedaag. Een was 'n sekere Shezi, 'n seun van die woonbuurt Kwa-Mashu. Die ander persone was aan

onbekend. Die een wat sy herken het, was beskuldigde nr. 6 en het sy sy voornaam gegee as Phumulani Shezi. Hulle was op soek na haar seun Bernard. Sy het aan hulle verduidelik dat hy op daardie stadium te Kwa-Mashu woonagtig was en dat hulle hom daar moes gaan soek het. Hulle is weg en sy is toe die huis in. Die Saterdagaand het beskuldigde nr. 6 alleen daar aangekom en gevra of hy daar mag slaap. Terwyl hulle nog so praat, het haar seun Jeffrey daar aangekom. Hy was verbaas om beskuldigde nr. 6 daar te sien en toe hy met die beskuldigde praat, het die beskuldigde sy vinger op sy mond gesit as 'n aanduiding vir Jeffrey dat hy moet stilbly. Die aand het beskuldigde nr. 6 daar geslaap in die kamer waarin Jeffrey en Edward gewoonlik geslaap het. Beide Jeffrey en Edward het ook daardie kamer daardie aand bewoon. Sy het gepraat van 'n gesprek wat sy met beskuldigde nr. 6 gehad het. Toe sy hierdie beskuldigde nr. 6 vir die eerste keer gesien het, het hy aan haar op 'n vraag gesê dat hy van Angola kom en dat hy daar opleiding in 'n kamp ondergaan het. Dit was in die hantering en gebruik van vuurwapens en die maak van bomme. Hy het gesê dat hy daarvan hou en dat hy terug is in die Republiek om aanvalle te maak op sekere plekke wat aan die Blankes behoort, byvoorbeeld poskantore en banke. Die rede daarvoor is dat Afrika wat aan die Swartes behoort deur hulle regeer behoort te word. Sy het ook gemeld dat hy van ander mense melding gemaak het wat saam met hom was, maar sy kon nie onthou wat die name was nie. Dinsdag of Woensdag het sy hom weer by die huis gesien en het sy aan sy versoek om sy broek te was, voldoen. Sy het ook vertel dat sy vir 'n baie lang tyd deur die polisie ondervra is. Dit het geduur van 09h20 die oggend tot 14h30 die middag. Dit was

nie/...

nie deurgaans 'n ondervraging nie. Sy het so nou en dan kans gekry om sake te oordink. Die rede waarom die ondervraging so lank geduur het, was omdat die polisie vir haar gesê het hulle is nie tevrede met die antwoorde wat sy verskaf het nie. Hulle het haar nie gehelp om haar geheue te verfris nie, maar vir haar kans gegee om te dink oor die vrae wat hulle aan haar gevra het. Sy het ook getuig dat die polisie aan haar gesê het dat hulle het 'n idee dat sy besig was om dinge van hulle te verberg. Sy het ontken dat beskuldigde nr. 6 aan haar gesê het dat hy na Swaziland is om te gaan studeer en het getuig dat hy het gesê dat hy via Swaziland na Angola gereis het. Toe dit aan haar weer gestel is, of sy nie miskien vergeet het om te noem dat hy skool toe sou gaan in Swaziland nie, het sy toegegee dat sy dit kon vergeet het. Sy het egter benadruk dat die rede waarom beskuldigde nr. 6 na Suid-Afrika teruggekeer het, was om plekke aan te val, soos banke en dat hy dit gedoen het, want hulle wou gehad het dat daar 'n terugkeer moet wees na wette. Sy het toegegee dat dit 'n lang tyd gelede was wat sy met die beskuldigde gepraat het en sê sy sy het probeer om haar verklaring aan die polisie te memoriseer, maar dit kon sy nie doen nie. Toe dit aan haar gestel was dat beskuldigde nr. 6 sal ontken dat hy gepraat het dat hy in Angola onderrig ontvang het, het sy beklemtoon dat dit is presies wat hy gesê het.

Sy het toegegee dat sy 'n tweede verklaring aan die polisie gemaak het en gesê het dat die informasie oor die beoogde teikens aan haar deur beskuldigde nr. 6 gegee is en glad nie deur die polisie aan haar verstrek is nie en die rede waarom sy 'n tweede verklaring gemaak het, is omdat sy sekere aspekte in die eerste verklaring vergeet het. Op 'n verdere vraag het sy dit benadruk dat sy nie leuens

vertel/...

vertel oor beskuldigde nr. 6 nie, want daardie dinge wat sy genoem het, was aan haar gesê deur hom. Sy het ontken dat die polisie enigsins woorde in haar mond gelê het of haar voorgesê het wat om te sê en die rede waarom sy 'n tweede verklaring gemaak het, is omdat die polisie gesê het die eerste verklaring is nie reg nie. Sy het hulle nie gevra waarom dit nie sou reg wees nie. Sy het toegegee dat toe die polisie vir haar sê dat die eerste verklaring nie reg is nie, sy dit geweet het, want sy het sekere feite van die polisie weggesteek omrede sy bang was. Al wat die polisie vir haar gesê het voordat sy die tweede verklaring gemaak het, is dat sy die saak moet oordink en net vir hulle die waarheid moet vertel. Sy het nie direk daarna die tweede verklaring gemaak nie, maar eers die saak goed oordink vir ongeveer 'n uur na 'n uur en 'n half. Daarna het sy hulle alles vertel wat sy onthou het. Blykbaar was die polisie toe tevrede en het hulle haar gevra om die verklaring te teken wat sy afgelê het.

Die volgende getuie was <u>JEFFREY KHAMBULE</u>. Hy is 18 jaar oud en die seun van Jane. Hy het getuig dat op 26 Januarie 1980 beskuldigde nr. 6 hulle by hulle huis besoek het ongeveer 18h00. Hy het beskuldigde nr. 6 nie onmiddellik herken nie, later hom herken en toe het hulle gesit en gesels. Eers het dit gegaan oor mense in Kwa-Mashu en waar sy broer sou bly. Hulle het toe geëet. Die getuie is toe weg na vriende en het ongeveer 21h00 teruggekeer. Beskuldigde nr. 6 het op sy bed gelê en hy het toe op die vloer gelê. Hy en die beskuldigde het voor hulle aan die slaap geraak het, gesels. Hy het vir hom gevra waar hy was vanaf 1976 toe hulle hom nie meer gesien het nie, waarop beskuldigde aan hom gesê het hy gegaan het vir

militêre/...

militêre opleiding te Angola. Daarna is hy na Rusland waar hy geleer het en opgelei is in die gebruik en regmaak van vuurwapens. Van Rusland is hy na Angola en het hy in 'n skermutseling met Blankes betrokke geraak wat tot in Suidwes gevlug het. Hy het ook aan hom gemeld van 'n sekere masjien wat 'n eienaardige resultaat het wanneer dit op 'n persoon se huis gerig word; dat daardie persoon dan ontslae raak van al sy klere en die hasepad kies. Hy het vir beskuldigde nr. 6 gevra wat die doel van sy terugkeer na die Republiek was, naamlik wat sy opdragte was, waarop beskuldigde nr. 6 vir hom gesê het dat hulle sekere plekke moes vernietig, maar hy het nie vertel welke nie. Ook moes hulle mense werf om terug te gaan na Angola toe vir militêre opleiding sodat wanneer hulle klaar opgelei is, hulle sou terugkom na die Republiek en teen die Regering veg, dat die land kan teruggaan na die Swartes aan wie dit behoort. Daarna het beskuldigde nr. 6 vir hom gevra of hy nie bereid sal wees om saam terug te gaan nie. Hy het nie belanggestel nie en dit aan die beskuldigde oorgedra en gaan slaap.

Die volgende oggend was die beskuldigde nog daar. Hulle het nie weer oor enigiets gepraat nie. Beskuldigde en hy is uitmekaar uit. Hy het beskuldigde die Dinsdag of Woensdag weer gesien. Hy het van skool afgekom en nadat hulle 'n kort rukkie met mekaar gesels het, is beskuldigde weg en hy het hom nie weer gesien nie. Hy is seker dat tydens al sy gesprekke met die beskuldigde, daar geen melding gemaak was van enige vorm van skoolopleiding wat hy sou ontvang of die beskuldigde nie. Hy is ondervra met betrekking tot die vraag hoeveel kere hy geneem is om 'n verklaring te maak, waarop hy geantwoord het net een

keer/...

keer. Later was hy nie heeltemal seker nie. Al wat hy gesê het, is dat die polisie aan hom gesê het dat hy die hele waarheid moet vertel en dit is presies dieselfde as wat hy in hierdie hof oor getuig het. Die polisie was tevrede en op 'n stelling dat sy moeder gesê het dat 'n verklaring op twee geleenthede van hom geneem is, het hy gesê hy is nie seker nie, want daar was geen noodsaaklikheid om twee verklarings te neem nie. Hy het getuig dat van tyd tot tyd Swartlede van die Mag hom gespreek het by die huis en dat hy met hulle saamgewerk het. Nadat hy sy verklaring gemaak het, is dit aan hom oorgelees, maar die verklaring was blykbaar nie direk aan hom oorgelees nadat hy dit gemaak het nie. Hy het toegegee dat tydens die verklaring of daarna, die polisie aan hom gevra het of hy iets by die verklaring wil byvoeg, maar aan hulle gesê het dat hy niks by te voeg het by daardie verklaring nie. Hy het ook getuig dat sy verklaring onlangs aan hom voorgelees was. Hy was nie seker hoeveel keer dit aan hom oorgelees is nie en nie geweet waarom dit aan hom oorgelees is nie.

Hy het gesê dat hy heeltemal seker is dat beskuldigde nr. 6 probeer het om hom as 'n lid te werf vir die ANC en sê hy in antwoord op 'n vraag van die Hof dat hy sou sien hoe hierdie masjien, waarvan ek so effe melding gemaak het, werk sodra hy aansluit om opleiding te ondergaan. Hy was seker Rusland was genoem, want, sê hy, beskuldigde nr. 6 het gesê dat hy daar onderrig ontvang het.

Die tweede broer, EDWARD KHAMBULE, het getuig dat hy Jeffrey se jonger broer is. Hy is 26 jaar oud en werksaam te Durban en bly by sy ma te Lamontville. Hy het beskuldigde nr. 6 aan die begin van die jaar by sy huis gesien op 'n Saterdag. Hy was nie seker van die datum nie.

Hy/...

Hy het die aand huis toe gekom en hoewel dit 'n Saterdag was, het hy gewerk tot 14h00 waarna hy na 'n vriend is en het die aand huis toe gekom waar hy beskuldigde nr. 6 op 'n rusbank gekry sit het. Hy het hom onmiddellik identifiseer as Phumulani, hoewel hy hom met die eerste opslag toe hy by die huis ingekom het, nie direk geëien het nie. Dit is eers toe hy terugkom dat hy gesien het dat dit Phumulani is, sê hy. Hy het by hom gaan sit. Hulle het gegroet en beskuldigde nr. 6 het vir hom gesê hy is Wuzi Mthembo, en toe sê hy vir hom, "Ek het jou tot op hierdie stadium nie eers herken nie." Beskuldigde nr. 6 het getuig dat die rede vir sy opwagting daar was om die getuie se broer Bernard te sien en het beskuldigde nr. 6 vir hom gesê dat hy na hom verwys as Wuzi Mthembo en nie Phumulani Shezi nie. Hy het hom nie gevra die rede daarvoor nie. Toe het hy, as gevolg van 'n vorige afspraak, die huis verlaat met 'n vriend. Hy het eers teruggekeer om 22h00 waar hy beskuldigde nr. 6 in hulle slaapkamer saam met Jeffrey gevind het. Hy was besig om te eet toe beskuldigde nr. 6 met hom begin praat. Op 'n vraag het beskuldigde nr. 6 gesê dat hy buite die Republiek se grense was in plekke soos Rhodesië en Rusland. Jeffrey was by op daardie stadium. Hy het op sy bed gelê. Hy was egter nie seker of Jeffrey geslaap het, al dan nie. Jeffrey het op daardie stadium nie met enige van hulle gepraat nie. Hy en beskuldigde nr. 6 het nie hard gepraat nie. Beskuldigde nr. 6 het aan hom gesê dat die rede waarom hy na hierdie plekke gegaan het, was om opleiding daar te kry vir oorlogvoering. Later vra beskuldigde nr. 6 hom of hy nie begerig is om ook opleiding van daardie aard te kry nie. Hy het aan beskuldigde nr. 6 gesê dat hy nie gewillig is nie en vir hom gevra wat

is die aard van die opleiding. Daarna het 'n gesprek gevolg oor persone wat, volgens die bewering van beskuldigde nr. 6, in hierdie land onderdruk word en het beskuldigde nr. 6 vir hom gevra of hy die geskiedenis van die Kaapprovinsie ken. Hy het verduidelik hoe mense sukkel en dit was aan die begin met die aankoms van die Blankes in die Kaap. Die mense is deur die Blankes gehuur en het veroorsaak dat die Swartes hulle vee moes verminder en belasting betaal. Edward het getuig dat hy nie hierdie gesprek te goed gevolg het nie en dit aan die beskuldigde meegedeel. Beskuldigde vra hom toe hoe ver hy op skool gevorder het, of hy geskiedenis op skool gehad het en of hy die drie woorde ken, "kommunisme, sosialisme en imperialisme". Weer het hy 'n probleem gehad met die uitleg van hierdie woorde en het beskuldigde nr. 6 gesê dat die plek waar hy was, in Rusland, bly die mense lekker en hulle sukkel nie. Daar het 'n verdere gesprek gevolg en beskuldigde nr. 6 het gesê dat mense in Rusland minder ure werk as die mense hier, wat onderdruk word en langer ure werk vir minder geld. Hy het toe aan Edward gevra of hy belangstel en bereid is om opleiding te ondergaan in Rusland, waarop Edward aan hom gesê het hy stel nie in hierdie sake belang nie, hy het 'n vrou en kinders en hy werk.

In verband met sy opleiding in Rusland en Rhodesië het beskuldigde nr. 6 vir hom gesê dat hy geleer het om oorlog te maak met vuurwapens, hoe om daardie vuurwapens te gebruik, hulle te repareer, 'n vliegtuig af te skiet en dat hy sal baklei om vry te kom, sodat mense nie meer onderdruk word nie. Onder andere, het hy die naam van sersant Nkosi genoem as 'n voorbeeld van 'n verraaier wat vermoor is. Hy het nie uitgebrei, volgens hierdie

getuie/...

getuie, teen welke mense daar baklei moet word nie.

Edward het toegegee dat hy van vroeg die oggend tot 13h00 ondervra is en dat hy aan die begin ietwat verwar was as gevolg van die polisie-ondervraging. Na hy die verklaring gemaak het, is dit aan hom teruggelees en het hy dit by die polisie geteken. Die rede waarom hy verwar of verslae was toe hy die polisie sien, was omrede hy nie die polisie verwag het nie aangesien hy geen misdaad gepleeg het nie. Sy verklaring was geensins verkeerd nie, maar, sê hy, hy het iets uit sy verklaring gelaat, naamlik wat beskuldigde nr. 6 hom vertel het oor waarin hy opgelei sou word. Hy sê dat hy vir die polisie gesê het dat hy vergeet het om by te voeg dat beskuldigde nr. 6 ook vir hom gesê het dat hy opgelei was in die gebruik van vuurwapens en hoe om 'n vliegtuig neer te skiet.

Die polisie het oorspronklik na hom gekom en vir hom gesê dat hy misdadigers verberg. Dit het hom onthuts en dit was as gevolg hiervan dat hy hierdie gedeelte nie genoem het nie. Hy het ontken dat hy afgelei het dat die beskuldigde sou na Rusland verwys het as 'n plek waar hy onderrig ontvang het, omdat beskuldigde nr. 6 vir hom die doelstellings van kommunisme en die hele teorie oor kommunisme verduidelik het. Hy het dit beklemtoon dat daar geen kans was vir 'n misverstand tussen hom en beskuldigde nr. 6 oor die vraag, naamlik dat beskuldigde nr. 6 aan hom sou gesê het dat hy na Rusland gegaan het nie.

<u>SERSANT DU PREEZ</u>, 'n speurder verbonde aan die veiligheidspolisie te Durban het getuig dat op 31 Januarie 1980 hy as gevolg van 'n rapport na die buitewyke van Durban gegaan het waar hy beskuldigdes nrs. 6 en 7 gearresteer het. By beskuldigde nr. 7 kry hy R90 in kontant. In 'n

plastiese/...

plastiese sak was daar klere en ook 'n brief in 'n geel koevert, BEWYSSTUK D. Ook was daar in sy agtersak sy bewysboek, BEWYSSTUK AK in die naam van Cedric Radebe. Beskuldigde nr. 6 het R30 gehad. Daar was ook 'n plastiese sak wat hy gedra het met klerasie in, asook sy bewysboek, BEWYSSTUK AL in die naam van Henry Skosana Zulu met die foto van beskuldigde nr. 6 in daardie bewysboek. Hy het die beskuldigdes oorhandig aan kaptein McDuling.

LUITENANT MARITZ, verbonde aan die veiligheidspolisie te Durban het getuig dat hy in Durban op 3 Januarie diens aanvaar het. Op daardie stadium was hy onbekend met Durban, en die buitewyke daarvan. Op 31 Januarie ondervra hy beskuldigde nr. 7 by die veiligheidstak om 16h00 die middag. As gevolg van 'n rapport het hy aan beskuldigde nr. 7 'n versoek gerig om dit wat hy wil sê op skrif te stel. Beskuldigde nr. 7 was bereid om sy relaas van gebeure op skrif te stel en het dit begin om 17h00 en voltooi om 22h00. Gedurende die hele tyd wat die beskuldigde hierdie verklaring uitgeskryf het was hy alleen. Hierdie verklaring, BEWYSSTUK AN, is nie betwis deur die verdediging nie.

HOF VERDAAG TOT 1980.11.19

K167 HOF HERVAT OP 1980.11.19

Die verklaring van beskuldigde nr. 7, BEWYSSTUK AN, is, soos ek gister gesê het, deur die verdediging erken en die tersaaklike gedeeltes daarvan gaan ek lees:

> "I first attended school at Phumzile Lower Primary School at Phiri location. I did my Higher Primary at Thembeni Higher Primary School, up to Std. 5. I then went to Bafikile Higher Primary School where I

completed/...

completed my Standard 6. I did my Form 1 at Molapo Secondary School and Form 2. I then went to Senaone Secondary School. That was my last school. June, the 16th uprisings (riots). We complained about Afrikaans as the media of instruction. We staged demonstrations, thinking that by demonstrating our demand would be met. After the uprisings, there were rumours that students are skipping the country for military training. One of my friend, Willie, founded the transport. He attended school at Naledi High School. On the day of the departure we were told, I and Sidney Mabone. Three of us, we went to the meeting place at Naledi. We met other people, they were strange to me, no one I knew before except the three of us. The following day we were taken to Diepkloof. There we were accompanied by four females, Mavis, Roda, Alina and Doris. We were told that we were leaving. Eight of us got into the Kombi (Such) the driver. What I can say is that I do not know the place where we crossed, because it was my first trip to Swaziland. I remember the board indicating Ermelo. It was round about 4 a.m. Such was with another man, which I have forgotten his name. That man had to take us across. We walked on the way by foot. We had to rest near the tar road. At about eleven or twelve the Kombi arrived. It took us right into Manzini. They left us in the Kombi. After 20 to 30

minutes they came back. We were taken to a certain place, a hotel like outside Manzini. They gave us rooms and food was organised. Round about 6 or 7 p.m. we were driven off to Moçambique, but nobody knew that we were going to Moçambique. We stayed in Namacha. Females were transported to another place. We stayed there approximately for two to three weeks. We had to be taken by groups but nobody knew where to. In my group was I, Lopster, Daniël, Sidney and Den. In Maputo airport we board a plane to Tanzania. We were picked at the airport by a car to a place called Temeka. We stayed approximately for two months. In Temeka we were approximately 24 - 28. We left Tanzania to Angola. We went to Luanda and stayed in the engineering-camp. In February 1977 we were taken to Benguela. I made friends to Square, Daniël, Lopster, Tom, Zandile. We were then taken to Nova Katenga. Before we went to Katenga. Benguale, it was a transit camp. No equipment was available. It was some theoretical lectures. and working. Round about May we arrived in Nova Katenga. We were engaged in construction. There were many people. Others arrived before. Others kept on coming. Companies were formed. There were four of them. The barracks were divided companies. Company one's commander was Mhlaba Nkosi. Two Desert. Three Den. The training was divided according to the companies. My platoon commander was Laurence Masango.

Section commander Lopster Ntabeni. People I still remember in my platoon Mavis, Roda, Daniël, Gladstine, Velaphi, Vusi, Vusi Lerobli, Gazella, Simpi Malifani. The camp commander was Julius. Camp commissair Mark Shope. Chief of staff Thami Zulu. On 1978 February we were taken to train abroad in the GDR, approximately a platoon. Our platoon commander Pieter. Commissair Delukufa, Arthur the overall commander. Section commander Rogers. Commissaris Tom. People I still remember (ek gaan nie die name nou weer herhaal nie). We spent six months. Then we went back to Kibashe. We stayed for more or less two months. But others were taken to various places. I was taken to Funda, round about September 1978. It was a transit camp. We were busy in construction. Approximately I stayed there for six months. I was appointed to be a platoon commander. Camp commander Zakes, Commissair Sipho. Instructors Vusi, Mike, Boy and Staward. It is a small camp with few people. After we finished with building, I was taken away with Vincent, Prince to Luanda. We slept for a day. The following day we went to Luanda airport. We board the plane to Moçambique. The two men left me at the airport because there was something wrong with my clearance. I had to be fetched the following day. A man came. I do not know him. He took me to Matola. I stayed for a week. Then I was told that I was going to work in Swaziland. I was with

Oscar. We went to Swaziland. We went to Matsapa where we found Sipho and Goodwin. I was then briefed about my work. The following day I was taken to Mbabane. At Msuduzi township where we stayed with Sipho. But firstly I had to establish myself and find a place in Mhlosheni district and have a contact near so that I can work easily. On June 1979 I found the place to stay and established the DLB. I started to reconnoite. At the place where I stayed, they knew me as the student. The following year I was to attend the school at the very same place. So I was accepted. I found the route, the crossing point, the local transport and the route to Louesburg. Asking the local people about the transport from the hospital (Itshejuba) to Pongola. That time I was alone. They promised me somebody to work with. After some time they brought me Thami. We took the first man with Thami. After that Thami was withdrawn without any explanation to me. I remained alone. The next trip I took Sipho across. After some time I met him at Manzini. He told me that he went safely. I left him there. I was told again that I must take somebody across. Again it was Sipho. I took him across. I was told again that two people must be taken into the country. That was Aubie and Freedom. It was I and Brian we took them across. Then the following day we were told that they are back. I had to take them

again/...

again when we were near the crossing point. Freedom said he cannot go, we had to go back. I reported to Oscar. I was called back in Moçambique. I was told that I must replace Freedom. They told me about their mission. They briefed as about the Muhle, the first mission. I must know the whereabouts of the DLB. The places that must be reconnoitred and to meet somebody on the 31st. On the 1st we must phone to Swaziland so that they can send somebody on Saturday at Mlazi station 1 p.m. If we met Sipho, we will work with him as our commander. We were taken across by Brian and Musa."

Daar volg dan 'n uiteensetting van die verskillende sake waarin hulle instruksies ontvang het te Benguela en Nova Katenga en name van persone.

Volgens luitenant Maritz het hy op die volgende dag, dit wil sê 1 Februarie 1980, beskuldigde nr. 7 gespreek, 'n versoek aan hom gerig in verband met die uitwys van sekere plekke. Beskuldigde nr. 7 het ingestem om hom plekke uit te wys, gevolglik is hy, beskuldigde nr. 7 en 'n sekere sersant Baker na 'n plek in die omgewing van Malangeni-distrik, ongeveer 30 kilometer vanaf Durban. Hy het geen idee gehad waar die plek was nie, aangesien hy onbekend was op daardie stadium met die Durban-area. Die beskuldigde het 'n plek aan hom gewys. Dit is ongeveer 30 treë van die pad af en as gevolg van 'n rapport wat die beskuldigde aan hom maak, gee hy aan die beskuldigde 'n graaf. Beskuldigde verwyder 'n paar groterige klippe en 'n lagie grond en bring te voorskyn 'n swarterige plastieksak.

Dit het vir hom gelyk of dit 'n reënjas was. Iets was daar in. Hy het toe vir speurder sersant Baker gevra om die sak na te gaan. In die reënjas was daar 'n oranje plastieksak met 'n Cerebos sout plastiekbottel en ook 'n ander houer, 'n Spar veeldoelige reiniger. Beide hierdie houers verskyn op foto's 12 en 13 van BEWYSSTUK AM. Beide van hierdie houers was gevul met 'n plofstof bekend as RDX. Daar was ook twee 9 volt Duracel batterye, twee elektroniese tydskakelaars met springdoppies daaraan gekoppel. Daar was ook twee klein blou plastiese sakkies, en in elk 'n Makarov-pistool met twee magasyne toegedraai in 'n oliedeurweekte lap. Die plek waar die beskuldigde die persone eerste na geneem het, in die Malangeni-distrik, word aangetoon op foto 1, BEWYSSTUK AM. Op daardie stadium was kaptein McDuling ook saam. Die punt waarna ek verwys het, naamlik 30 treë van die pad af, word aangetoon op foto 2, BEWYSSTUK AM. Die plek waar die goedere verwyder is, word getoon op foto 3. Foto 4 toon beskuldigde nr. 7 met die graaf besig om goed uit te haal en foto 5 is die items wat daar gevind is. Foto 6 is die twee Makarov-pistole, hier voor die hof, BEWYSSTUK 22 en ook die ammunisie. Die Duracel battery soos gekoppel met die tydskakelaars verskyn op foto 8. Foto 9 is 'n nader foto van 8, en foto 10 toon die skakelaars en die batterye. Die skakelaars lyk my op die oog af baie nes die tydskakelaars waarna ek reeds verwys het. Dit kom my voor asof hulle ook die lusse het waarmee die tyd vasgestel word, soos op foto 15, BEWYSSTUK AB, wat reeds ingehandig is. Foto 12 toon die Spar reiniger met die plofstof. Dit is ,835 kg. Die Cerebos southouer met die plofstof, 1,2 kg, word getoon op foto 13. Die springdoppies met die elektriese koord word getoon op

foto's/...

foto's 14 en 15. Op daardie stadium, as gevolg van 'n rapport deur beskuldigde nr. 7 aan luitenant Maritz, gaan sersant Baker en beskuldigde nr. 7 verder die bos in. Maritz bly agter. Later keer sersant Baker en beskuldigde nr. 7 terug met 'n groen leersak waarin daar klere was soos uiteengesit op foto 7 van hierdie BEWYSSTUK AM. Tussen 2 en 3 Februarie ondervra luitenant Maritz weer vir beskuldigde nr. 7 by die veiligheidstak-kantore te Durban en verklaar hy homself bereid om die grens waar hy vanaf Swaziland deurgekom het na die Republiek, aan luitenant Maritz te toon. Dit was in die distrik Piet Retief by 'n winkel bekend as die Nzimande Store op die pad tussen Piet Retief en Pongola. Hierdie winkel word getoon op foto 30, BEWYSSTUK AM, en die grens van Swaziland is ongeveer 800 meter vanaf die winkel. Die winkel is omtrent 50 meter vanaf die pad wat ek nou net na verwys het. Op 18 Februarie ondervra Maritz weer vir beskuldigde nr. 7 by die veiligheidskantore te Durban. Dit het daar gegaan oor teikens. Beskuldigde het toegestem om vir luitenant Maritz 'n plek te gaan uitwys en neem vir Maritz na 'n plek omtrent 4 kilometer van Maritz se kantoor, 'n rapport aan luitenant Maritz gemaak en die Port Natal Administrasieraadskantore uitgewys. Dit is 'n losstaande gebou en huisves die Port Natal Administrasieraad. In daardie kantore is daar normaalweg tussen 20 en 25 persone van beide geslagte, Wit en Swart, werksaam. Die registers en rekordkaarte word in daardie kantoor gehou. Dit is 'n rekordkaartstelsel van alle werksoekers wat onder die jurisdiksie van die Port Natal Administrasieraad val.

Op 19 Februarie 1980 spreek luitenant Maritz vir beskuldigde nr. 6. Beskuldigde nr. 6 neem vir hom en 'n

sekere/...

sekere luitenant Taylor en 'n Swart konstabel Nduli na die Port Natal Administrasieraadkantore wat beskuldigde uitwys, en dui beskuldigde nr. 6 dieselfde pad aan wat beskuldigde nr. 7 die vorige dag aangedui het vir luitenant Maritz. Luitenant Maritz het nie vir beskuldigde nr. 6 uitgevra nie, behalwe dat hy vir luitenant Taylor daar meegedeel het dat die punt wat daar uitgewys is deur beskuldigde nr. 6, dieselfde punt was dié uitgewys deur beskuldigde nr. 7 die vorige dag.

In kruisondervraging is dit ook een van die gevalle waar die verdediging nie luitenant Maritz in enige opsig aangeval het nie. Trouens, die indruk word weer gewek dat soos met menige vorige getuies, daar getrag was om te toon dat die twee beskuldigdes uit eie vrye wil die plekke aangetoon het. Maritz het toegegee dat hy die plekke nie sou gekry het as dit nie was vir die samewerking van die beskuldigdes nie. Dit is duidelik dat luitenant Maritz dit nie sou gevind het nie, aangesien hy 'n paar dae voor die tyd in Durban gekom het en reeds bevestig het dat hy die Durban-area glad nie geken het nie.

Hierna het KAPTEIN McDULING getuienis afgelê. Hy is ook verbonde aan die veiligheidstak te Durban. Op 31 Januarie spreek hy beide beskuldigdes, nrs. 6 en 7 nadat hy hulle ontvang het van speurder sersant Du Preez. Hy het getuig dat hy by was toe beskuldigde nr. 7 die plek te Malangeni uitgewys het waar die wapens gevind is soos aangetoon op foto's 1 tot 4, BEWYSSTUK AM. Hy het periodiek daarna vir beskuldigde nr. 6, dit wil sê vanaf 31 Januarie tot 3 Februarie, ondervra en hy het toe op 3 Februarie 'n rapport van beskuldigde nr. 6 ontvang, 'n versoek aan hom gerig en was beskuldigde nr. 6 bereid om vir hom

sekere/...

sekere plekke uit te wys. Beskuldigde nr. 6 het toe dieselfde plekke uitgewys wat aangetoon word deur foto's 1, 2 3 en 4. Hy het getuig dat hy op daardie stadium nie bekend was met die hele Malangeni reservaat nie en het verder getuig dat hy het nie die punte wat beskuldigde nr. 6 aan hom sou uitwys, gekoppel aan die punte wat beskuldigde nr. 7 uitgewys het, toe hy by was nie. Dit was eers toe hulle in daardie omgewing kom, dat hy dit besef het. Hy het getuig dat die afstand vanaf die veiligheidskantore te Durban tot die plek te Malangeni waar foto 1 geneem is, 75 kilometer is en dat beskuldigde nr. 6 vir hom die pad aangedui het. Hy het getuig dat waar beskuldigde nr. 6 op foto 16 'n plek aantoon, dit dieselfde plek is as wat op foto 3 verskyn wat deur beskuldigde nr. 7 uitgewys is. Die plek waar beskuldigde nr. 6 die punt uitgewys het, is geleë in 'n digte ruie bos, soos aangedui op foto 16. Dit is omtrent 50 meter van die pad af en foto 18 toon die bos van nader. Dit is dieselfde as op foto's 1 en 2 aangedui. Foto 19 toon waar beskuldigde nr. 7 na 'n plek wys. Foto's 20 tot 23 toon artikels wat eintlik nie van veel belang is nie, wat op daardie plek gevind is.

Verder het hy beskuldigde nr. 6 weer op 6 Maart gespreek en het beskuldigde 'n plek uitgewys wat hy in sy verklaring na verwys het, naamlik 'n sekere hospitaal aangetoon op foto 34 geleë in die omgewing van die Piet Retief/Pongola-teerpad. Foto's 35 en 36 is ook geneem van dieselfde plek. Beskuldigde nr. 6 het ook vir hom gewys waar hy die grensdraad oorgesteek het vanaf Swaziland na die Republiek. Dit word getoon op foto 38. Beskuldigde nr. 6 het geen verklaring gemaak nie. Kaptein McDuling het getuig dat die Port Natal Administrasieraadgebou bekend

is/...

is onder die Zoeloes as Kwa-Muhle. Die tolk het hier verduidelik dat die woord "muhle" 'n redelike wye betekenis het en opgesom kan word as iets wat goed, lekker is, of 'n goeie plek.

Hierdie getuie is nie in kruisondervraging enige vrae gestel nie, behalwe dat hy nie 'n deskundige is in die Zoeloetaal nie, wat hy erken het.

SPEURDER SERSANT BAKER het getuig dat hy aan die veiligheidstak, Durban, verbonde is, 'n sub-inspekteur van plofbare stowwe is; dat hy beskuldigde nr. 7 vergesel het toe hy op 1 Februarie plekke in die Malangeni reservaat aan luitenant Maritz uitgewys het en het hy verwys na foto 3 in foto-album, BEWYSSTUK AM. Hy het getuienis gegee oor die springstof waarna ek reeds verwys het, asook tydmeganismes of tydskakelaars. Hy het getuig dat die springdoppies, foto's 14 en 15, van vreemde oorsprong was en gebruik word om die hooflading by springstof te laat ontplof. Hy het verder luitenant Maritz se getuienis beaam dat hy saam met beskuldigde nr. 7 dieper die bos ingegaan het toe luitenant Maritz agtergebly het en het ook getuig van die sak en die jas wat hy aan luitenant Maritz oorhandig het. Die inhoud van daardie sak is, soos ek reeds gesê het, vertoon op foto 7. Hy het getuig dat hy in die omgewing van foto 3 die plek weer later ondersoek het met 'n apparaat en 'n klein tuingrafie gekry het omtrent een meter vanaf die gat by foto 3. Beskuldigde nr. 6 was by op daardie stadium. Die rede waarom hy weer daarheen gegaan het, was omdat hy vermoed het dat daar meer springstof of wapens versteek mag wees.

Geen kruisondervraging is tot hom gerig nie en is die getuienis van die Staat met betrekking tot beskuldigdes

nrs. 6 en 7, afgesluit.

Dit voltooi die getuienis met betrekking tot beskuldigdes nrs. 6 en 7.

Ek gaan nou oor na die saak wat die Staat daargestel het teen beskuldigdes nrs. 8 en 9.

Die eerste getuie in die opsig was SAMUEL MNCUBE. Na hom is deurgaans verwys as Ram. Hy was woonagtig te 710 Gobinsimbistraat, Mondlo, in die distrik van Vryheid, Natal. Hy het getuig dat op 3 Maart 1980 hy vir beskuldigde nr. 9 ontmoet het. Hy het beskuldigde nr. 9 op daardie stadium al 'n redelike tyd geken omdat beskuldigde nr. 9 daar in die omgewing as bouer werksaam was. Hy het hom vir 'n tydperk van drie jaar nie gesien nie en vir die eerste keer weer op 3 Maart, toe hy in geselskap van beskuldigde nr. 8 na wie hierdie getuie verwys het as Tami, was. Hulle het aan die getuie verduidelik dat hulle in die Bloedrivier-area kom bou en het hom gevra of hulle 'n kamer by hom kon huur vir 'n tydperk van twee weke. Hy het toegestem teen 'n vergoeding van R4. Op die Maandag het die twee beskuldigdes daar ingetrek om 19h00. Daardie vertrek waarin hulle gebly het, het twee deure, een wat in sy slaapkamer lei en 'n buitedeur. Die buitedeur was gesluit, maar die beskuldigdes het die sleutel gehad. Hy het getuig dat tussen die periode van 3 tot 13 Maart het die beskuldigdes dag vir dag die kamer verlaat. Waarheen hulle was, het hy nie geweet nie. Hulle het een keer vir hom gesê dat hulle na die grens van die Mondlo-distrik gaan. Op 13 Maart was hulle weer oudergewoonte vroeg reeds weg. Die getuie se dogtertjie was siek. Hy het getuig dat hy geld nodig gehad het vir medisyne en bygevolg het hy en die vrou met wie hy gelewe het besluit om geld

te/...

te probeer kry in die kamer waar die beskuldigdes in gebly het. Hulle is in die kamer in deurdat hulle die kas voor die deur wat inlei na hulle kamer, weggeskuif het. Hy het nie self in die kamer ingegaan nie. Sy vrymeisie het ingegaan en teruggekeer met twee vuurwapens. Een van hulle was splinternuut, dit was die kort tipe vuurwapens wat die polisie gewoonlik dra. Hy het die een vuurwapen na die bure geneem en dit verkoop aan 'n sekere Treasure Mdlalose vir R70. Dit was nie 'n verkoopstransaksie nie, die geld is aan hom geleen en sy buurman sou die wapen hou tot hy hom terugbetaal. Die tweede vuurwapen het hy gehou met die doel om die twee beskuldigdes te konfronteer wanneer hulle terugkom en te vra wat hulle met hierdie vuurwapens in sy huis maak. Hy het dit weggesteek in 'n kussingsloop. Op 14 Maart is die twee beskuldigdes weer oudergewoonte weg en hulle het baie laat teruggekeer. Hy self het gaan drink by familie. Op pad daarheen het hy opgemerk dat die twee beskuldigdes hom volg, hulle het later by hom aangesluit. Toe die drank opraak, het hulle gesê dat hy saam met hulle moet huis toe gaan. Voor dit is hy eers weer na Treasure se huis waar hy twee kwartbottels Castle Lager bier bekom het. Dit het hy en die twee beskuldigdes in sy huis saam uitgedrink. Gedurende dié tyd vra die twee beskuldigdes vir hom wat het van hul wapens geword. Hulle het gesê dat hy dit moet bring, want hulle wil loop. Hy het toe aan hulle verduidelik dat dit toe te laat was om dit buite op straat te waag en dat hy aan hulle die wapens die volgende dag sou gee. Een van hulle het iets soos 'n blompot in sy hand gevat, dit op die tafel gestamp en gesê hy moet oppas hy sal gedood word. Die ronde ding het 'n stukkie draad bo-aan gehad. Beskuldigde nr. 8

het/...

het gepraat, terwyl albei so 'n voorwerp in die hande gehad het. Toe hy gevra was om verder te verduidelik hoe die item lyk, het hy sy hand gebal, soos wat 'n mens sou wanneer jy 'n tennisbal vashou en beklemtoon dat hulle vir hom gesê het as daardie ding werk, is hulle almal dood. Sy vrymeisie het by hulle aangedring en gepleit om hom met vrede te laat aangesien hy dronk was. Hy is toe na sy kamer en nadat hy ontklee het en net sy kortbroek aangehad het, is die twee beskuldigdes in sy kamer in. Nie een van hulle het geslaap nie. Albei het om die beurt wag oor hom gehou en hy kon ook nie slaap nie. Terwyl beskuldigde nr. 8 geslaap het, praat hy met beskuldigde nr. 9 en het beskuldigde nr. 9 aan hom verduidelik dat hy daardie wapens moet uithaal en vir hom wys waar dit is, want, sou hy dit nie doen nie, sou hulle op hulle beurt deur hulle werkgewers gedood word. Gevra oor wie sy werkgewers sou wees, het beskuldigde nr. 9 gesê dit is die terroriste. Ram sê toe hy dit hoor, het hy besluit dat hy die polisie hiervan in kennis moet stel. Hulle het hom wakker gehou tot die volgende dag, 15 Maart en onder voorwendsel dat hy wou vleis koop, het hy sy vrymeisie gestuur na die polisie toe. Beskuldigde nr. 8 was blykbaar agterdogtig, want op 'n stadium het hy opgestaan en die vrymeisie gevolg. Beskuldigde nr. 9 het agtergebly saam met hom. Toe kom 'n sekere Ngubeni, 'n polisieman, daar aan terwyl hy en beskuldigde nr. 9 daar gesit en gesels het. Ngubeni was nie geklee in sy uniform nie. Hy het toe die wapen aan Ngubeni getoon terwyl beskuldigde nr. 9 toegekyk het. Ngubeni het net na die vuurwapen gekyk, dit neergesit en geloop.

Nadat beskuldigde nr. 9 verneem het wat Ngubeni is en

wat hy doen, gaan beskuldigde nr. 9 in Ram se kamer, neem die vuurwapen, haal iets uit die vuurwapen uit, steek dit in sy sak en plaas die vuurwapen weer neer waar Ngubeni dit gelaat het. Beskuldigde nr. 9 sê toe vir Ram dat hy hom behandel as 'n onnosele persoon, want Ram sou dan eintlik 'n beriggewer vir die polisie wees, aangesien hy gesien het dat Ram die wapen aan die polisie toon. Daarop het beskuldigde nr. 9 die huis verlaat. Terwyl hy buite was, het Ram die vuurwapen gegryp, dit in die kamer van die twee beskuldigdes gegooi en die hangkas weer voor die deur gedruk. Toe het beskuldigde nr. 9 weer teruggekeer en terwyl hy daar met hom sit, het die polisie daar aangekom. Beskuldigde nr. 9 het die polisie gewaar en gevlug. Hy weet daarvan, hoewel hy dit nie gesien het nie, dat die beskuldigde in die derde straat vanaf sy woning deur die polisie gevang is en na hom teruggebring is. Hy het toe saam met die polisie in 'n kar gery om beskuldigde nr. 8 te soek. Hy het hom aan die polisie op 'n stadium uitgewys waarop beskuldigde nr. 8 gearresteer is en na sy huis teruggebring is. Hy het verder getuig dat hy by was toe die goedere uit die kamer wat hy aan beskuldigdes nr. 8 en 9 verhuur het, gehaal is. Hy het ook Treasure, sy buurman, uitgewys en het BEWYSSTUK 24, twee Makarov-pistole identifiseer met drie magasyne as wapens soortgelyk aan dié wat die beskuldigdes die dag daar gehad het.

Hy het ook op BEWYSSTUK AO sy huis uitgewys op foto 1.
K168 Die kamerdeur wat na buite loop of front wat die beskuldigdes bewoon het, word aangedui op foto 2 met 'n A. Daardie betrokke deur word van nader getoon op foto 3. Hy het die bomme of ronde goed wat die beskuldigdes hanteer het identifiseer op foto's 4 en 5. Hy het na die ronde

handgranate/...

handgranate verwys, nie dié wat na blikke lyk nie.

In kruisondervraging het die getuie gesê dat beskuldigde nr. 8 hom wou doodmaak met hierdie blompot wat hy in sy hand gehad het, en dat hy so gesê het, maar beskuldigde nr. 9 het gesê, "Wag. Kyk eers of hy die waarheid sal praat, al dan nie." Die rede, sê hy, waarom hy gedink het dat beskuldigde nr. 8 sy dreigement sou uitvoer, is omdat beskuldigde nr. 8 hierdie ronde blompot met die punt of die gat na hom gerig gehou het, en dat hulle gedreig het om ysters in daardie gat te druk. Hy het daardie ysters wat hulle wou indruk identifiseer op foto 5. Dit is die items gemerk met 'n X en 'n sirkeltjie daarom, BEWYSSTUK AO.

In herondervraging het die getuie getuig dat beskuldigde nr. 9, het nie Sotho met hom gepraat, soos wat dit aan hom gestel is in kruisondervraging nie, maar dat hulle Zoeloe gepraat het en dat beskuldigde nr. 9 geen probleme gehad het met die Zoeloetaal nie. Ram het uitgebrei oor wie nou eintlik hom sou gedreig het met die dood en toe hulle die handgranate hanteer het en het hy dit toe ietwat uitgebrei, naamlik dat beide van hulle het gedreig om hom om die lewe te bring deur hierdie ysters waarna hy verwys het, in hierdie handgranaat in te druk en dat hulle dan mekaar oor en weer gewaarsku het om dit liewer nie te doen nie en te sien of hy nie eerder die waarheid sou praat nie.

Die volgende getuie was MNR. JANSE VAN VUUREN, 'n sersant in die veiligheidspolisie te Durban, wat getuig het dat hy op 15 Maart 'n telefoniese oproep ontvang het en met adjudant offisier Brasé en sersant Hildebrand is hy na die distrik Mondlo. Hy het getuig hoe hy daar

aangekom het en beskuldigde nr. 9 sien hardloop het van die betrokke huis van Ram; hoe hy vir beskuldigde nr. 9 gevolg het en uiteindelik vir die beskuldigde gegryp het. Hy het getuig dat beskuldigde nr. 9 het hom teëgesit en hy moes hom redelik hard behandel om hom onder bedwang te bring. Onder andere, het hy hom geslaan met die vuis en
K169 ook sy pistool. Sersant Ngobesi, 'n Swartlid van die Mag, het hom gehelp om beskuldigde nr. 9 onder beheer te kry. Hy het daarna weer homself teëgesit en dit is daarom dat hy heelwat beserings aan hom gehad het toe hy uiteindelik in hegtenis geneem is. Beskuldigde nr. 9 is deursoek en in sy broeksak is daar 'n magasyn en sewe rondtes ammunisie gevind. Die nommer van die magasyn is gegee en dit is voor die hof geplaas as <u>BEWYSSTUK 24(A)</u>. Beskuldigde nr. 9 het gesê sy naam is Elliott en hulle het hom toe teruggeneem na Ram. Adjudant offisier Brasé het toe aan hom 'n Makarov-pistool met sewe rondtes in die magasyn oorhandig. In die kamer van die beskuldigdes, bo-op 'n bed was daar 'n jas waarin twee defensiewe handgranate toegedraai was. Langs die bed onder die venster was daar twee offensiewe handgranate toegedraai in plastiek. Daar was ook twee tuisgemaakte bandoliers. Onder die bed was daar vier ontstekers in geel ghriespapier toegedraai. Beskuldigde nr. 9 het gesê kameraad Thami is in die dorp en sy klere aan hulle beskrywe.

Sersante Ngubeni en Ngobesi is saam met Ram weg op soek na beskuldigde nr. 8. Hy het vertel hoe hulle beskuldigde nr. 8 toe gearresteer het. Hy is gevisenteer en hy het gesê sy naam is Begi Gumbi. Hy het 'n bewysboek gehad wat die naam ingehad het van Ignatius Begi Gumbi. Beskuldigde nr. 8 het die huis van Ram vir hulle gaan uitwys

as synde die plek waar hy gebly het. Hy het ook die kamer uitgewys en aan hulle vertel dat sy regte naam is Boyce Johannes Bogale van Alexandra. Van Vuuren het ook getuig dat hy twee skote moes skiet op beskuldigde nr. 9 terwyl hy gehardloop het, maar hy het hom nie getref nie. Die twee defensiewe handgranate was toegedraai in beskuldigde nr. 8 se jas. As gevolg van ŉ rapport van Ram is daar ŉ verdere Makarov-pistool en sewe rondtes ammunisie in die magasyn gevind by ŉ sekere persoon Victor Nkosi en daardie pistoolnommer en die twee magasyne wat in die kamer by beskuldigde nr. 9 gevind is, het ooreengestem. Hy het verder verwys na foto's 4 en 5 van BEWYSSTUK AO en die items wat daar op die foto's uitgestal is, identifiseer as die items wat by beskuldigdes nrs. 8 en 9 se kamer in Ram se huis gevind is en ook by hulle gevind is en ook wat hulle gekry het van ander persone.

Hy het verder verwys na ŉ kaart van Natal op bladsy 7 van BEWYSSTUK AO. Die distrik Mondlo is aangedui met ŉ A en ŉ sirkeltjie. Mondlo is ongeveer 18 myl vanaf Vryheid.

ADJUDANT OFFISIER BRASé van die veiligheidstak te Vryheid het getuig dat hy ŉ inspekteur van plofstowwe was. Hy het getuig dat hy Ram se huis deursoek en dat hy op die vloer items gevind het, waarna ek reeds verwys het, onder andere, die vier handgranate ensovoorts, soos wat op foto 5 uitgestal is. Hy het gesê dat die twee handgranate regs op foto 5 is F-1 defensiewe handgranate en die twee links wat lyk soos blikke is RG-42 offensief of anti-personeel handgranate.

KAPTEIN HELBERG van die veiligheidstak, Pretoria, verbonde aan die tegniese afdeling, het getuig oor

tydskakelaars wat hy gekry het en ander plofstowwe wat hy van die verskillende getuies gekry het. Hy het, soos ek reeds in my uitspraak gesê het, verduidelik hoe die tydskakelaars gekoppel word en hoe hulle gestel word om langer of korter te neem voordat hulle springstof aktiveer.

By wyse van ooreenkoms ingevolge die Strafproseswet, artikel 217, is 'n verklaring wat beskuldigde nr. 9 op 17 Maart afgelê het voor luitenant Holloway te Newcastle ingehandig. Die verdediging het daarmee genoeë geneem en ek lees dit nou uit. Ek gaan nie na die inleiding daarvan verwys nie, behalwe te konstateer dat op bladsy 2, die vrae wat gestel is in verband met beserings en kneusings, inpas met die getuienis van sersant Van Vuuren wat in sy getuienis beweer het dat hy die beskuldigde nr. 9 redelik hardhandig moes behandel om hom onder bedwang te kry en in bewaring te neem.

Die inhoud van die verklaring is soos volg:

"Ek het die Republiek van Suid-Afrika verlaat. Ene Joe Khumalo het my na Swaziland geneem. Daar was ook 'n ander persoon wat ook na Swaziland gegaan het. Dit is Osmond Mogorose. Ons het na die hotel gegaan waar ons na 'n Swartman Duma geneem is. Duma is ook 'n lid van die ANC. Toe ons in die hotel ingegaan het, het Duma ons skrikgemaak deur te sê, 'Ja, is julle die ANC?' Ons het gesê dat ons nie van die ANC is nie. Mogorose het aan Duma gesê dat hy net vir sy tante kom kuier. 'n Rukkie hierna het Duma aan ons gesê dat hy maar net met ons gespeel het. Joe Khumalo het 'n kaart van die hotel uitgehaal en gevra wat ons wil hê. Joe Khumalo

is 'n verkeerskonstabel in Soweto en hy is 'n lid van die ANC. Joe Khumalo het vir ons vleis en drank bestel en daarna het hy ons na die agterkant van die gebou geneem waar Duma bly. Ons was aangesê om daar te slaap. Die volgende dag het Joe Khumalo teruggekeer na Suid-Afrika. Dit was vroeg in die oggend. Om 10 v.m. het ons agtergekom dat Joe Khumalo nie meer daar is nie en Duma het ons na die hotel geneem waar ons kos gegee was. Om 7 n.m. het Duma 'n voertuig gebring en ons is na Mosambiek geneem waar ons geslaap het tot die volgende oggend. Die volgende oggend is ons deur Frelimo na 'n lughawe geneem vanwaar ons per vliegtuig na Tanzanië geneem is. Vandaar is ons na Angola geneem waar ons militêre opleiding ondergaan het vir ses maande. Die klasse wat ons geloop het, was ten opsigte van politiek, vuurwapens, ingenieurswese en plofstowwe. Ons het ook geleer om kanonne en mortierwapens te gebruik, asook lugafweerwapens. Ons het ook geleer om die Bazooka tenkafweer-wapen te gebruik. Ek het my huis in Junie 1976 verlaat en ek het in 'n soldate kamp gebly. Die kamp se naam is Nova Katenga. Daar het ek twee jaar gebly. Van hier is ons na 'n ander kamp met die naam van Kibashe. Dit is ook in Angola. Daar was ek vir agt of nege maande. Hierna is daar vyftig van ons na Rusland geneem na 'n kamp met die naam van Pirifile waar ons vir ses maande opleiding ontvang het. Hier het ons weer eens onderrig ontvang in alles wat ek reeds genoem het,

asook in die gebruik van handgranate. Na die ses maande is ons teruggeneem na Kibashe in Angola. Op dieselfde dag is ons toe na 'n ander kamp met die naam van Fazenda geneem waar ons in 'survival' onderrig ontvang het. Hier het ons hierdie 'survival course' vir vier maande lank gedoen. Ek alleen is toe teruggeneem na Kibashe waar ek net geslaap het. Die volgende dag is ses van ons na Funda kamp waar ons vier of vyf maande gebly het, waar ons elke dag vuurwapens afgevuur het. Vandaar is ons na Matola kamp in Mosambiek geneem. Vanaf Matola het Thami en Bennett na Suid-Afrika gekom en na twee weke het hulle weer teruggekom na Matola. Ek het 'n maand lank in Matola gebly. My naam onder die ANC is Elliott en ook Freddie Molitzane. Ek en Thami is toe na die bevelvoerder van Matola kamp geroep en hy het aan ons gesê om ons werk in Mondlo woonbuurt te Vryheid, Natal te gaan doen, ons moes werk kom doen as waarnemers om vas te stel waar ons mense in die bosse kan bly. Dit is die terroriste. Ons moes ook geskikte plekke soek waar ons vuurwapens in die grond kon versteek. Hierdie plekke het bekendgestaan as 'DLB' en ons het of moes sketskaarte van die plekke maak. Die bevelvoerder wat ons hierdie opdrag gegee het, is Oscar. Ek ken nie sy van nie. Hy is die politieke kommisar. Ons was aangesê om vanaf Mondlo woonbuurt die rigting na Bloedrivier te neem asook na Ngutu area, sowel as Paulpietersburg. Nadat hierdie opdrag aan

ons/...

ons gegee was, is ek gevra om die bevelvoerder se kantoor te verlaat en Thami het agtergebly. Na 'n rukkie het Thami uitgekom en hy en ek is na 'n verdieping geneem en ek is gesê dat Thami my bevelvoerder sal wees. Ons was aangesê om die volgende dag na Swaziland te gaan. 'n Swartman met die naam van Moosa het ons na Swaziland geneem. Ons het te voet gegaan. Vanaf Swaziland het ons per bus gery na Manzini. Dit is 'n dorp in Swaziland. Vandaar is ons met 'n ander bus na 'n ander dorp. Moosa het vir my en Thami nuwe klere gekoop en R100 aan elkeen van ons gegee. Ons is weer terug na Manzini waar ons 'n ander lid van die ANC ontmoet het. Sy naam is Brian. Ons was toe vier persone wat per motor gereis het na Mvunyana op die grens van Suid-Afrika en Swaziland en so het ons in die Republiek van Suid-Afrika ingekom. Dit was in die nag en daar het ons in die plantasie geslaap. Die man met die naam van Jack is die persoon wat die mense help om oor die grens na Suid-Afrika te kom. Ons is toe per huurmotor na Piet Retief vanwaar ons per trein na Vryheid is. Thami en ek is per bus na die woonbuurt Mondlo. Moosa het ons twee pistole en vier handgranate gegee, asook elkeen twee magasyne vol patrone. Ons het na 'n sekere vrou met die naam van Mangagana gegaan waar ons vir drie dae gebly het. Vandaar is ons na die huis van 'n Swartman met die naam van Ram, en daar het ons gebly en ons het van hier ons waarnemings begin doen. Ons

het ook na Ngutu en Bloedrivier gegaan. Op 'n dag het ons weer met die bus na Vryheid gegaan en in Kerkstraat geloop in die rigting van Bloedrivier. Ons het 10 myl geloop tot by 'n plantasie waar ons in die plantasie waarnemings gedoen het. Ons het gevind dat die plantasie nie vir ons doel geskik was nie. Die volgende dag is ons uit op die Utrecht-pad. Dit was 'n Vrydag en afgedraai op die Bloedrivier-pad. Ons het 'n geskikte plek by die berge aldaar gevind, 'n geskikte woonplek vir die terroriste. Ons sou die Maandag weer na daardie plek gaan. Ons het teruggegaan na die huis van Ram en ons bevelvoerder, dit is Thami, het toe gesê dat ons vuurwapens weg is. Ram het gesê hy weet nie waar ons vuurwapens is nie. Thami het egter vir Ram gesê dat hy (Ram) weet van die vuurwapens. Thami het na die bure gegaan waar drank verkoop word en daar was aan Thami gesê dat Ram gesien was met die pistool. Thami het weer met Ram gaan praat en toe sê Ram dat hy 'n vuurwapen vir R25 gekoop het. Ram het my na sy kamer geroep, sy kussing opgelig en gesê dat dit die vuurwapen is wat hy gekoop het en dat hy sy vrou se geld daarvoor gebruik het. Ek het die vuurwapen herken as een van die wat ons gebring het. Ek het die magasyn gevat en die leë pistool aan Ram teruggegee. Ek het aan Ram gesê dat Thami hom die R25 sou gee. Op daardie oomblik het 'n polisieman in privaatdrag by Ram se huis gekom. Hy het drank by die bure gekoop en toe by Ram se huis in die kombuis

> gekom waar ons was. Ram en die polisieman is toe in Ram se kamer in waar Ram die pistool aan die polisieman gewys het. Ek het uitgegaan, toe sien ek die polisievoertuig buite die huis. 'n Blankeman het in die polisievoertuig hom versteek. Ek het toe weggehardloop. Die man het uit die voertuig geklim en 'n skoot afgevuur. Ek is toe later gearresteer. Ek is teruggeneem na Ram se huis en die huis is deursoek, maar Thami was toe nie daar nie. Die polisie het die handgranate daar in Ram se huis gekry. Die polisie het toe met Thami ook daar aangekom en ons is toegesluit. Dit is al."

Dit het die getuienis vir die Staat voltooi.

Voordat beskuldigde nr. 1 getuienis afgelê het, het die verdediging aan die Hof te kenne gegee dat hulle die aanval op Soekmekaar sou erken, maar dat die aanval daarop gemik was om aan te toon dat dit 'n simboliese gebaar sou wees om hulle meegevoel te betuig met die Makgatho-stam wat in daardie gebied verskuif was na 'n ander woongebied.

Hierop het <u>BESKULDIGDE NR. 1</u> getuienis afgelê en getuig dat hy 29 jaar oud is, gebore te Nelspruit en grootgemaak is deur 'n oom te Bosbokrand. In 1971 is hy getroud, het vier kinders. Omdat hy nie vir sy vrou en kinders 'n huis kon verskaf nie, het die kinders en sy vrou by sy ouers te Nelspruit gebly. Hy het skool bygewoon te Mataffin, distrik Nelspruit, waar hy Vorm 1 geslaag het. Hy het skool verlaat omrede sy ouers nie geld gehad het om hom verder op skool te hou nie. Gevolglik is hy na Johannesburg waar hy by sy oupa se vrugtewinkel gewerk het

en/...

en ook by hom gebly het vanaf 1968 tot 1973 waarop hy weer teruggekeer het na Nelspruit. Daar het hy gewerk as 'n algemene werker totdat hy uiteindelik 'n betrekking gekry het by Fedmis te Phalaborwa waar hy gewerk het as 'n stoorman tot 1977. Hy het geen besittings nie en in 1976 het hy 'n berig ontvang dat sy oom verdwyn het vanaf sy woonplek te Komatipoort. Ten gevolge hiervan is hy na sy ouers. Die saak is bespreek en het hy uitgevind dat sy oom weg is saam met mense wat van die Oos-Transvaal daar aangekom het. Hy en sy oom het baie goed oor die weg gekom en gevolglik het hy sleg gevoel oor sy oom se verdwyning en die saak met sy ouers bespreek, waarop daar besluit is dat hy na Swaziland sou gaan om na sy oom te soek. Hy is die enigste persoon wat destyds in besit was van 'n reisdokument wat hy te Phalaborwa in 1975 verkry het. Met dié dokument is hy na Swaziland in Januarie 1977 deur die Oshoek grenspos en het hy uiteindelik homself bevind in Mbabane. Daar is hy na die polisiestasie waar hy ook aan hulle berig het dat hy op soek is na sy oom Amos Lubisi. Hy het erken dat hy voorheen al in Swaziland was en ook op daardie stadium al vir sy oom gesoek het in Manzini in 1976 sonder sukses. In Januarie 1977 het die polisie by Mbabane hom gehelp in dié opsig dat hy 'n verklaring aan hulle gemaak het en het hy ook terloops 'n sekere persoon, Duma, daar gekry wat by hom die indruk gewek het dat sy oom nog lewe en in Swaziland was. Hierdie persoon het aangebied om hom te help en na 'n sekere gebou geneem. 'n Sekere John Nkadimeng het na Duma gekom en hom ondervra om sodoende sy identiteit te probeer bepaal. Hy
K170 is deur Duma na Manzini geneem en verder is hy daar verwittig dat sy oom iewers in Mosambiek is en gevolglik

het/...

het hulle saam met hom na Mosambiek gegaan. Hy het die indruk geskep dat hy gedwing is om na Mosambiek te gaan, want naby die grenspos by Mosambiek, het twee persone opgedaag. Hulle was in besit van vuurwapens en hy is gedwing om oor die grens te gaan met Duma wat voor hom geloop het. Op daardie stadium het hy nog nie sy oom gesien nie. In
K171 Mosambiek is hy geneem na 'n sekere kamp, bekend as Matola, waar hy sy oom gesien het, tesame met twee ander persone wat hom onmiddellik begin ondervra het, waarop hy aan hulle verduidelik het waarom hy daarheen gekom het. Sy oom het aan hom gesê dat hy nie bereid was om terug te keer na die Republiek toe nie en dat wat homself betref, daar geen wyse is waarop hy kan terugkeer nie, hy moet maar by hulle aansluit en daar bly. Sy oom het nie aan hom verduidelik waarom hy nie na Suid-Afrika kon terugkeer nie. Die volgende dag het hy sy oom weer gespreek en hy is deur sy oom meegedeel dat die persone daar hom verdink het dat hy 'n spioen van die Suid-Afrikaanse Regering was, gevolglik is sy reisdokument, bewysboek en bankboekie van hom geneem. Hy is toe vertel dat die mense van die ANC die saak met hom wou bespreek in Dar-es-Salaam in die teenwoordigheid van sy oom. Hy was op daardie stadium geheel en al onbewus van 'n organisasie bekend as die ANC en het blykbaar ook nie daarin belang gestel nie. Hy is 'n papier en 'n koevert gegee om aan sy ouers en familie te skrywe. Op 'n stadium is hy na Dar-es-Salaam en daar deur ene Joe Modise onderrig in die hele terroristiese aanslag teen Suid-Afrika. Hy was een van 'n taamlike groot groep. Modise het aan hom gesê dat die ANC is 'n groep persone wat van Suid-Afrika kom; dat hulle die doelstelling van die Swartmense nastreef om verandering in Suid-Afrika te

bewerkstellig/...

bewerkstellig en dat die ANC reeds sedert 1912 bestaan; dat die organisasie nie glo aan geweld nie en dat die oogmerk van die organisasie was alleen die omverwerping van die Regering met wapens en dat hierdie verandering in die doelstellings van hierdie organisasie vanaf 1960 dateer. Hulle het beklemtoon dat een aspek onthou moet word en dit is dat daar maniere is om bloedvergieting te voorkom. Sekere teikens is spesifiek genoem. Militêre installasies, polisiestasies, ekonomiese teikens, soos byvoorbeeld petrolopslagplekke. Wat die burgerlike teikens betref, is daar gesê dat daar nie teen die burgers van die land opgetree moet word nie, want hulle is nie deel van die Regering wat die Swartmense onderdruk nie. Die Freedom Charter is ook aan hom genoem en dit is deur Modise met hom bespreek. Dit is die eerste keer wat hy van die Freedom Charter gehoor het en dat die doel daarvan was om 'n verandering te bring tussen Wit en Swart, sodat daar geen segregasie sal wees nie en dat dit die grondwet van die land sal wees nadat daar 'n verandering teweeggebring is. Hy persoonlik was beïndruk deur hierdie doelstellings en het daarvan gehou. Hy kon op daardie stadium nie terugkeer na Suid-Afrika nie, want hy het geen dokumente gehad om dit te doen nie. Die huis waar hy in gebly het op daardie stadium te Dar-es-Salaam was amper soos 'n kamp. Hy kon nie kom en gaan soos hy wou nie. Daar was wagte en hy moes toestemming kry om die perseel te verlaat.

Hy het weer die saak met sy oom bespreek en veral die terugkeer na Suid-Afrika toe en daar het die mense toe aan hom vertel, deur sy oom, dat hulle nie na Suid-Afrika sou kon gaan nie, omdat sy oom betrek was met die ANC en dat hy by sy aankoms in Suid-Afrika gearresteer sou word en

het/...

het sy oom toe voorgestel dat as hy verder wou studeer, dit beter sou wees dat hy dit in Angola doen. Hy het gesê dit wil hy nie doen nie, want daar was niemand om sy ouers te help nie, daarop is aan hom gesê dat daardie persone, dit wil sê die ANC, na sy ouers sou omsien. Hy is gevolglik saam met ongeveer 219 ander persone na Angola om daar verdere skoolopleiding te ondergaan. Instede dat hy skool toe gegaan het, is hy na 'n "engineering"-kamp geneem. Hy het 'n klagte ingedien hieroor by 'n sekere Castro, die kampkommandant. Hy is toe verkleineer in 'n toespraak voor almal naamlik dat hy weier om militêre opleiding te ondergaan, terwyl hy geweet het dat kinders in die Swartwoongebied te Soweto geskiet word. Gevolglik het hy besluit om by hierdie organisasie aan te sluit en om hierdie groep mense te help. Hy is toe na Nova Katenga waar hy opleiding ondergaan het in die gebruik van vuurwapens en ook is hy in die politieke teorie onderrig. Hy is weer daar verder onderrig in die doelstellings van die ANC, soos wat Joe Modise dit al vantevore aan hom verduidelik het en het hy weer benadruk dat hulle hulle doel sou bereik sonder bloedvergieting. Hy het verder benadruk dat die teikens wat gekies sou word, aan hulle voorgeskryf sou word deur die hoofde van die ANC en dat hulle geen teiken self kon uitkies nie. Oor die verkenning van 'n teiken is hy ingelig hoe om te werk te gaan, naamlik waar die teiken geleë is, hoeveel mense van die publiek daar bly en waar hulle bly, wat hulle bewegings is, hulle kommunikasiesisteem en hoe hulle daar optree.

Hy het ook gegaan na Funda kamp waar hy deur die intelligensie-afdeling van die MK (Mkonto we Sizwe) van die ANC ondervra is. Een op 'n tyd het Sipho, Obadi en

Paul hom ondervra en dit het vir hom gelyk asof hierdie persone hom nie vertrou het nie. Die belangrikste rede daarvoor is dat hy het by hulle uit eie vrye wil gekom, soos dit vir hulle voorgekom het sonder dat hy deur een van hulle lede gewerf is. Later is hy terug na Maputo via Zambië en het hy sy eerste opdrag gekry, naamlik om na die Republiek terug te gaan om te soek na 'n sekere Duke Masego en hom te oorreed om terug te keer na Maputo. Hy is R100 gegee, het na die Republiek gekom en twee dae in 'n Swart-woongebied gebly, waar hy tevergeefs na Masego gesoek het. Daarna is hy weer na Mosambiek.

Toe is hy weer na Suid-Afrika gestuur. Hy het vir Masego gevind. Saam is hulle terug na Maputo en dit is op die derde keer dat hy 'n opdrag gegee is in verband met die Soekmekaar polisiestasie. Hy moes gaan verken het en daar bepaal het na watter plek die Swartmense wat in die omgewing daar was, verskuif word. Hy het na Suid-Afrika gekom met 'n sekere Castro. Hy het bepaal dat daardie betrokke persone nie bereid was om na die nuwe plek te gaan nie. Dit het hy uitgevind omdat daar 'n onderhoud was met een van die opperhoofde.

Die optrede by Soekmekaar was daarop gerig om die ANC se simpatie met die Makgatho-mense te toon aan die wêreld. Soekmekaar is uitgekies omdat dit die naaste polisiestasie aan die Makgatho-mense was en omdat die polisie behulpsaam was met die verskuiwing van daardie persone. Beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3 en 'n sekere Lungile is opdrag gegee om die taak uit te voer. Hy het Lungile al vantevore geken en het verwys na plekke soos Dar-es-Salaam, Nova Katenga en Maputo.

Hulle het pamflette saam met hulle gebring. In daardie

pamflette/...

pamflette was daar 'n boodskap van die ANC wat hulle meegevoel sou betuig met die Makgatho-stam, welke pamflette hulle na die Soekmekaar-insident moes versprei.

Hy het getuig hoe hulle hierdie betrokke polisiestasie vir 'n redelike lang tyd onder oë gehad het en die omgewing verken het, die rede daarvoor was om te sorg dat daar nie bloedvergieting sou wees nie. Hy het verwys na BEWYSSTUK K, foto 10 en getuig dat dit hulle eerste basis was wat hulle daar opgerig het en vanwaar hulle die polisiestasie vir ongeveer drie weke op verskeie kere verken het. Hulle het besluit om die aanval in die aand te loods om 20h30 omdat, volgens hulle informasie, op daardie stadium daar baie selde persone van die publiek sou wees en gewoonlik net twee polisie-amptenare aan diens. Hy is gevra of hulle persone sou beseer en sy antwoord was nee. Hierdie soort van aanval was by hulle bekend as "harassment" en alleen bedoel vir propaganda doeleindes. Op 4 Januarie 1980 is hulle vier met die hoofpad van Duiwelskloof na Soekmekaar. Hy het die getuienis van die eienaar van die bakkie, Montle, bevestig en gesê dat hulle daardie bakkie aan Montle sou deurbring en hom vergoed vir die gebruik daarvan. Hy het verwys na foto 37, BEWYSSTUK K en verduidelik dat een van die persone by W sou wag vir die ander. Iemand sou by T wees om vir motorkarre op te let wat daar sou aankom en die ander twee sou die aanval op die polisiestasie teweegbring. Hy was gevra wat hulle sou gedoen het indien daar niemand op die stoep was nie en getuig dat indien dit so was, sou hulle in die aanklagtekantoor ingegaan het op die voorwendsel dat hulle iets daar wou uitvind, sodat hulle kon sien waar die polisie hulle bevind.

Hy het erken dat die wapens wat hy gebruik het verkry is van die plek soos uitgewys op foto 7, BEWYSSTUK K. Hy is hiervan verwittig in Maputo. Op die betrokke aand het hulle die twee persone op die trappies van die polisiestasie sien sit, want hulle is deur die ligte van die motorkar verlig. Hy het die bakkie verby die polisiestasie bestuur en die spoorweglyn gekruis waar hy 'n U-draai gemaak het. Toe hy by punt T kom op foto 37 het hy die kar gestop, beskuldigde nr. 3 en Lungile het daar uitgeklim, hy het gegaan na punt W waar beskuldigde nr. 2 uitgeklim het en by Lungile aangesluit het. Hy het in die motorkar gebly. Dit is gemeensaak dat beskuldigde nr. 3, hoewel hy dit nie nou hier so verduidelik het nie, by punt T gebly het. Na die aanval het al drie in die motorkar geklim en weggery. Hulle het na die plek gegaan waar hulle die bakkie van Montle geneem het. Hy was nie daar nie en toe het hulle besluit om aan te ry tot waar hulle die kar aan die kant van die pad parkeer het ongeveer 28 km van die plek waar hulle dit van Montle geneem het. Hulle het die sleutels ook daar in die kar gelos. Uiteindelik het hulle by Nkowakowa Swartwoonbuurt gekom waar hulle gevra het om verblyfplek. Hy en Lungile is toe terug Swaziland toe. Hy het nie weer vir beskuldigde nr. 2 en Lungile gesien toe hy daarna teruggekom het na Suid-Afrika nie. Hy is gearresteer op 30 Januarie in 'n hut te Mariti. Hy het die omstandighede waaronder hy gearresteer is, tot 'n groot mate, soos deur die polisie verduidelik, erken, behalwe dat hy ontken het dat hy 'n kind daar wou aanhou en gedreig het om die kind te dood indien die polisie hom nie sou loslaat nie. Hy het ontken dat hy iets geweet het van die aanval op die Silverton polisiestasie en beklemtoon dat

die/...

die aanval op die polisiestasie nie deel was van die teikens soos uiteengesit in die beleid van die ANC nie. Hy self sou nie met so 'n aanval saamstem nie, omdat dit nie deel uitgemaak het van die beginsels met betrekking tot teikens soos uiteengesit in die beleid van die ANC nie.

In kruisondervraging het hy getuig met betrekking tot sy verklaring, BEWYSSTUK X, dat sy oom gevlug het nadat daar 'n bomontploffing in die omgewing van Komatipoort plaasgevind het, omdat hy betrokke was by daardie betrokke bomaanval. Dit het hy eers verneem toe hy in Tanzanië aangekom het. Voor die tyd het hy nie daarvan geweet nie.

Hy is heelwat gekruisondervra met betrekking tot sy poging om sy oom terug te kry en hoe dit gekom het dat hy aangesluit het by die ANC en verder gegaan het vir opleiding terwyl sy oogmerk was om sy oom terug te kry.

Hy het ontken dat hy in sy bekentenis, BEWYSSTUK X, gesê het dat die mense na wie hy verwys het, aan die ANC behoort het. Dit, sê hy, is verkeerd afgeneem of vertolk. Hy het verskeie aspekte van wat hy sou gesê het in sy verklaring ontken, waarna ek nie nou op hierdie stadium gaan verwys nie.

Hy het erken dat toe hy in Dar-es-Salaan was het hy besef dat die mense teen die Regering moes veg.

Die indruk wat geskep word in die kruisondervraging uit sy antwoorde, is dat hy sou na Suid-Afrika teruggekeer het, indien hy kon, instede van verder te gaan na Angola. Hy het erken dat hy nie gedwing was om militêre opleiding te ondergaan nie, maar dat hy eintlik oorgehaal was om dit te doen. Hy het toegegee dat sy doel was om terug te kom na die Republiek om te baklei teen die Regering om sodoende die Regering omver te werp en sy regte so te verkry.

Hy het uitgebrei oor sy kennis van vuurwapens, plofstowwe en dit is duidelik dat hy goed bewus was van die dodelike wapens waarin hy opleiding ontvang het. In detail het hy verduidelik wat militêre, ekonomiese en politieke teikens was. Hy het gesê dat hy en beskuldigdes nrs. 2 en 3 basis 1 opgerig het. Beskuldigde nr. 2 is aangestel as hulle leier in Desember 1979 en sou alle finale besluite geneem het. Hy het erken dat beskuldigde nr. 2 die finale besluit geneem het om Soekmekaar aan te val. Dit was ook duidelik dat net beskuldigdes nrs. 1 en 2 bewus was van die DLB waar die wapens versteek was in die omgewing van Hugo se plaas by Solomondale, BEWYSSTUK K, foto's 2 en 3.

Hy kon eintlik geen informasie verskaf met betrekking tot wat werklik gebeur het tydens die aanval te Soekmekaar nie, vanweë die posisie waar hy was toe die aanval geloods is. Hy het egter gesê dat hy weet nie of 'n handgranaat gegooi is of nie, want beskuldigde nr. 2 het hom niks daarvan vertel nie.

Hy het erken dat hulle blykbaar gefouteer het met hulle verkenning van die Polisiestasie, aangesien hulle nie bewus was van die feit dat konstabel Botha in daardie betrokke polisiestasie woonagtig was nie.

Die uitwysings aan majoor Badenhorst het beskuldigde nr. 1 erken en verduidelik dat die wapens wat later gevind was by die 20 kilometer bord by Tzaneen, die wapens en handgranate was wat versteek is nadat hulle die aanval op Soekmekaar polisiestasie geloods het en dat daardie wapens van die DLB by Hugo se plaas te Solomondale oorspronklik afkomstig was. Die plan, BEWYSSTUK Q, het hy opgetrek toe hy oorspronklik sy instruksies van die aanval op Soekmekaar gekry het.

Hy het/...

Hy het verder gemeld dat die rede waarom hy die 3-in-1 olie gekoop het was dat hulle opdrag was om die wapens, nadat dit gebruik is, weer te versteek en dat die olie gebruik sou word om die wapens te beskerm teen roes sodat dit weer vir ander mense bruikbaar sou wees.

Hy het die verskeie verwysings in die verskeie Sechabas verklaar waar verwys is na die aanval op Soekmekaar, die dood van Leonard Nkosi waar bloed inderdaad vergiet was en in die ander geval vergiet sou gewees het, afgemaak met die antwoord dat hy nie verantwoordelik is vir dit wat in die Sechabas gerapporteer word nie.

Met betrekking tot al die beskuldigdes, het hy getuig dat hy beskuldigdes nrs. 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9 ken, en dat hy saam met hulle opleiding ontvang het in verskeie kampe onder andere, Funda, Tanzanië, Nova Katenga. Hy het ook die getuie Zulu daar gesien.

Op 'n verdere vraag het hy getuig dat hy Tabo Paulus Makgoge ook ken. Hy het hom die eerste keer in Tanzanië gesien in 1977. Hierdie getuie het getuig dat hy beskuldigdes nrs. 3 en 5 ken en opleiding saam met hulle ondergaan het.

Die sketsplan <u>BEWYSSTUK Q</u> is deur hom opgetrek toe hy sy instruksies oorspronklik ontvang het, en toon die plek waar hulle is, <u>BEWYSSTUK Q.</u>

Hy kon geen verduideliking gee waarom die kant van die polisiestasie, dit wil sê die westekant naaste aan die straat, nie aangeval is nie, indien die oogmerk was om persone nie te beseer nie en hulle daarop uit was om bloed nie te vergiet nie. Die antwoord van hom regverdig die afleiding, soos ek sy getuienis verstaan, dat hy dit oorgelaat het aan beskuldigde nr. 2 wat die leier van die

groep was.

Insiggewend is die feit dat hy nie kon sê of hy eerste die skote gehoor het of eerste 'n ontploffing van 'n handgranaat nie. Ek neem hom nie hieroor kwalik nie, want uit die aard van die saak het die ontploffing en die geweerskote vinnig opmekaar gevolg. Hy het ontken dat hy 'n bevelvoerder van die "Rural Headquarters" is, soos wat Zulu gesê het.

K172 <u>Beskuldigde nr. 2</u> het getuig dat hy nou 19 jaar oud is, gebore 22 Desember 1960 en dat hy die Republiek verlaat het toe hy 15 jaar oud was. Hy het groot geword in Soweto, Central Western Jababu. Hy het saam met sy ouers gebly totdat hy die Republiek verlaat het. Hy het St. 6 in 1975 geslaag. In 1976 was hy in Vorm 2, St. 7. Voor hy die Republiek verlaat het, het hy nie belanggestel in politiek nie. Hy was nie bekend met die beginsels of doelstellings van die ANC, nòg was hy van die bestaan van die ANC as organisasie bewus gewees. In die 1976 oproere het hy saam met die skoolkinders gedemonstreer. Hy het melding gemaak van 'n geval toe die polisie op hulle gevuur het en hy gesien het dat die polisie 'n vriend van hom by name Peter Magabane doodskiet. Sy vader se benadering tot die situasie was dat hy, die beskuldigde, by die huis moes bly tot al die moeilikhede bedaar het. Hy het verder nie deelgeneem aan enige demonstrasies nie.

Hy het toe vermeld van 'n voorval wat plaasgevind het toe persone wat hy eers na verwys het as polisie, maar later geblyk het Munisipale polisie te wees, by sy huis gekom het in 1975 toe hy 14 jaar oud was. Die polisie het daar gekom om ongemagtigde persone, wat nie permithouers was nie, te ondervra en ook na die permitte van die

persone/...

persone wat daar gebly het te kyk om te kyk of hulle kinders korrek opgegee is. Dit was 02h00 die oggend, die polisie het daar mense gejaag en geskiet. Hy het derhalwe besluit om die land te verlaat en op 5 November 1976 om 07h00 het hy gesien dat mense in die straat hardloop en dat die polisie kinders arresteer. Hy het ook weggehardloop en toe die polisie later die wyk neem, het hy en sy vriende die posisie daar gestaan en bespreek. Op daardie stadium was hy alreeds bewus dat mense die Republiek verlaat het en dat hulle hulp verleen is deur die persone in die buiteland, die rede waarom hy toe eintlik weg is, is dat hy terloops vier persone ontmoet, met hulle gesels en as gevolg daarvan het hulle besluit om die land te verlaat en per trein gegaan na Mafeking waar hulle afgeklim het en toe te voet na Botswana geloop het. Daar het hy en sy vriende na die huis van 'n hoofman gegaan, hom verwittig dat hulle van Suid-Afrika gevlug het en na sy land gekom het vir hulp. Die polisie is in kennis gestel en gevolglik is hy en sy vriende na Lobatsi vervoer. Die volgende dag is hy deur 'n persoon gespreek en gevra welke organisasie hy en sy maats by wou aansluit. Hulle het gesê dat hulle nie belangstel in 'n organisasie nie, maar later, nadat hulle blykbaar weer die saak bespreek het en die verskille tussen die ANC en PAC aan hulle verduidelik is, het hulle besluit om by die ANC aan te sluit en nie by die PAC nie, want die PAC wou die Witmense in die see jaag en hy was nie daarmee gediend nie.

Hulle is toe na 'n huis in Gaberone geneem waar hy drie dae vertoef het voordat hulle per vliegtuig na Dar-es-Salaam is. Beskuldigde nr. 3 was saam met hom. Hulle was in totaal agtien. In 'n sekere huis in

Dar-es-Salaam het hulle, onder andere, onderrig ontvang in politiek. Op daardie stadium het die getal aangegroei tot vyftig. Veral is hulle inlig omtrent die geskiedenis van Suid-Afrika en die geskiedenis van die ANC. In Maart 1977 is hy na 'n kamp in Angola, bekend as die "engineering" kamp. Dit was 'n groot kamp. Daar was wagte by die hekke, slaapgeriewe vir baie mense, en ook was daar omtrent honderd-en-vyftig persone wat van Suid-Afrika afkomstig was. Hy het toe besef hy kon daardie land nie meer verlaat nie. Die daaglikse roetine was politieke onderrig in die oggend, daarna oefeninge, daarna teorie en militêre oefeninge. Hulle het dan 'n tydperk gehad om in die biblioteek te sit en lees. Belangrik vir hom was die baie streng dissipline. Hulle is veral onderrig in die doelstellings en beginsels van die ANC en die geskiedenis daarvan. Die ANC was 'n beweging wat die mense in Suid-Afrika wou bevry. Die hoofdoel was gebaseer op die Freedom Charter, welke dokument weer gekant was teen die apartheidsbeginsel en, volgens hom, was die Freedom Charter 'n baie belangrike dokument. Hy is gesê dat dit in Suid-Afrika opgestel is deur Suid-Afrikaners. Veral is hulle aandag daarop gevestig dat die probleme in Suid-Afrika van 'n politieke aard was en omdat dit van 'n politieke aard was, moes hulle teikens ook van 'n politieke aard wees. Hulle is gesê dat alle geboue of alles wat te doen het met die beginsel van apartheid, vernietig moet word. Wat geboue betref, was dit beperk tot daardie geboue wat te doen het met die bewysboeke en is hulle gesê dat daarop gelet moet word dat die mense in Suid-Afrika maar net persone is wat sonder hulle wil deel het aan die sisteem van apartheid. 'n Belangrike ding wat in hulle onderrig ingeskerp is, is

die feit dat hulle 'n gebou eers goed moet ondersoek, voordat so 'n gebou aangeval word. Alles wat hulle doen, moes polities gemotiveerd gewees het. 'n Polisiestasie kon nie aangeval word nie. Dit kon alleen 'n teiken wees indien daar 'n rede voor was vir die aanval van daardie betrokke polisiestasie. So was die Soekmekaar polisiestasie aangeval omdat die polisie daar gehelp het met die verwydering van die Makgatho-stam. Die polisie was besig om die beginsel van apartheid te help afdwing en dit was derhalwe nodig om daardie gebou aan te val.

Oor Nova Katenga het hy getuig hoe dit daar verloop het. Ek gaan nie in detail dit weer herhaal nie. Dit het dieselfde patroon gevolg as by die ander kampe. Wat die politiek betref, is dit benadruk dat hulle, die ANC, se wyse van optrede geheel en al verskillend is van die Rooi Leër in Japan en is daar gesê dat die optrede van die Rooi Leër gewone terrorisme is wat neerkom op die doodmaak van mense in die siviele lewe en om persone aan te hou as gyselaars vir eie gewin, iets wat nie deur die ANC toegelaat is nie. Ook is daar verwys na die bom wat in Munich ontplof het en is dit onder die aandag van almal daar gebring, dat hierdie optrede nie inpas met hulle doelstellings nie. Hy het daar gebly tot 1978, toe hy gegaan het na 'n Benguela onderrigsentrum en uiteindelik aangeland het in die Funda kamp in 1979 vanwaar hy oorgeplaas is na Maputo saam met ses ander persone in Augustus 1979. Toe hy na Mosambiek gegaan het, was geen van die beskuldigdes saam met hom nie. Hy het ontken dat hy saam met enige van die beskuldigdes onderrig ontvang het. Toe hy in Augustus 1979 na Mosambiek gaan, het hy nie beskuldigdes nrs. 1 en 3 daar gesien nie. Hy het hulle gesien toe

hy tesame met Lungile te Matole instruksies gegee is in verband met hulle heel eerste opdrag. Hy het weer herhaal waarom die polisiestasie te Soekmekaar as teiken uitgekies is, en beklemtoon dat dit alleen as propaganda sou dien om aan die Regering en die Polisie te toon dat hulle die verkeerde weg ingeslaan het, en dat die ANC simpatie het met die mense wat daar teen hulle wil in die omgewing verskuif word na 'n nuwe woonplek. Hulle is spesiaal daarop gewys dat 'n Swartpolisieman nie noodwendig iemand is vir wie hulle moet aanval nie, aangesien hy maar deel is van die sisteem en alleen sy werk doen.

Nadat hy sy opdrag gegee is, het hy na Suid-Afrika gekom en het hy met beskuldigde nr. 1 basis 1 opgerig. Nie een van hulle het enige wapens na Suid-Afrika gebring nie. Hulle het heel eerste, nadat hulle daardie basis ingerig het, die polisiestasie verken met die doel om hulle aanval so te reël dat daar nie lede van die publiek aanwesig sou wees nie en hulle ook bewus sou wees wanneer die minste aantal polisie op diens is en waar hulle sou wees. Volgens hom het hulle saam besluit om op 20h15 die polisiekantoor aan te val op 4 Januarie 1980.

Hy getuig dat hulle vir Montle verwittig het dat hulle sy voertuig weer aan hom sou terugbesorg en dit alleenlik wou gebruik vir 'n kort rukkie. Hulle sou hom ook vergoed vir die gebruik daarvan, en hom ook verseker dat hulle hom nie sou beseer nie.

Vandaar verskuif sy relaas tot by die polisiestasie te Soekmekaar. Voor hulle daar aangekom het, was hulle al drie reeds bewus van die plan van aksie. Hy sou 'n geweerskoot aftrek in die lug sodat die ander lede van die ekspedisie sou weet dat die aanval begin het. Hy het een

handgranaat gehad en 'n AK-47 geweer. Lungile was in besit van twee handgranate en ook 'n AK-47 geweer. Hy het ontken dat 'n handgranaat na Mashapa gegooi is of na Mothibe en getuig dat die gebeure afgespeel het, soos volg:

Hy en Lungile het by die voorhekkie ingeloop en toe hulle daar kom, toe besef hulle dat daar twee persone op die stoep sit. Hy het toe 'n skoot na die linkerkant van die gebou in die lug gevuur en het verduidelik dat indien hy enige van daardie persone wou gedood het, hy dit maklik op daardie stadium kon gedoen het. Hy het ontken dat hy 'n handgranaat na Mashapa gegooi het en dat hierdie persoon die handgranaat weer teruggegooi het sodat dit ontplof het in die omgewing van die vlagpaal. Hy het getuig dat nadat hy die eerste skoot geskiet het, het albei die Swartlede van die Mag opgespring. Een het in die polisiestasie ingehardloop en die ander het na die linkerkant van die gebou gehardloop. Hy het verder gesê dat as hy in die omgewing van die vlagpaal was en die handgranaat daar gegooi is waar dit inderdaad geland het, sou albei sy bene afgeskeur geword het deur die sterkte van die ontploffing. Hy het getuig dat Lungile in hierdie operasie nie beseer is nie. Nadat hy die eerste skoot gevuur het, het hy gehardloop in die rigting van die polisieman, dit wil sê die een wat gevlug het en terwyl hy hardloop, het hy gehoor dat daar 'n handgranaat agter hom ontplof, gevolglik het hy op daardie stadium sy handgranaat na die regterkant toe gegooi, terwyl hy ook self effens na regs draai. Die enigste lig op daardie stadium was die lig binne-in die polisiestasie. Nadat hy sy handgranaat weggegooi het, het hy gehardloop na die agterste gedeelte van die polisiestasie, regs gedraai en teen die muur aan die agterkant

van die polisiestasie, gevuur. Hy wou die handgranaat wat hy gegooi het na regs laat ontplof, maar die ring het in die harwar ontkoppel geraak van die pen, sodat, hoewel hy van mening was dat die pen uitgetrek was, die pen nie uitgetrek het nie en gevolglik het daardie handgranaat van hom nie ontplof nie. Die betrokke handgranaat is aangedui op foto's 93 en 94, BEWYSSTUK K.

Hy het ontken dat terwyl Mothibe weggehardloop het, hy na hom geskiet het, hy het in die lug geskiet. Hy het verder verwys na BEWYSSTUK K, foto 64 en gesê dat hy in lyn was met hierdie pilare aan die voorkant van die gebou, die drie na die linkerkant toe, toe hy die handgranaat gegooi het en terwyl ek hiermee besig is, sal dit dienlik wees om te kyk na vrae wat later aan hom gestel is om sy posisie ietwat beter te beskryf en het hy verwysende na foto 62 gesê dat hy omtrent gestaan het in lyn met daardie pilare, soos hy verduidelik het, maar na links ongeveer waar die nommerplaat van die voertuig op daardie foto is. Hy het getuig dat hy twee ontploffings gehoor het en dat hy later na die voertuig waarin beskuldigde nr. 1 was, gegaan het. Hulle het weggery en gepoog om die voertuig na Montle terug te neem, hom nie gevind by die plek waar hulle hom gelaat het nie en bygevolg het hulle gery en uiteindelik die voertuig gelos op die plek waar die polisie dit uiteindelik gevind het. Hy was op geen stadium bewus van 'n voorgenome aanval op die Silverton Bank nie. Indien hy wou, kon hy vir Mothibe geskiet het terwyl hy aan die kant van die polisiestasie gehaas het na die agterkant van die gebou.

Hy is ondervra in verband met sy vriend wat die polisie geskiet het en het getuig dat die polisie hierdie

persoon gedood het, sonder dat die seun enigiets verkeerd gedoen het, dat dit nie iets ongewoon was vir die polisie om onskuldige mense te skiet nie. Hy het toegegee dat die insident in 1975, waar sy vader onderworpe was aan die deursoeking van polisie, niks te doen het met die Suid-Afrikaanse Polisie nie, maar dat dit Munisipale polisieamptenare was. Toe hy gevra is wat hulle nou eintlik verkeerd gedoen het, het hy dit beperk tot twee aspekte, dat hulle aan die deure geklop het, die deur oopgemaak het en met flitse in die kamer geflits het en dat verskeie vrae aan sy ouers gevra is. Toe hy ondervra is hoe dit gekom het dat hy op 5 November 1976 uit die land is en om te verduidelik wat eintlik aanleiding daartoe gegee het, het hy gesê dat die polisie was besig om al die huise te deursoek. Hy het net gehoor dat die polisie die huise deursoek. Hy het dit nie self gesien nie. Hy het ook net gehoor dat 'n kind gearresteer is. Hy het dit nie self gesien nie en dit lyk vir my dat die feite wat hy hier gegee het, merendeel berus het op wat hy sou gehoor het.

Hy het getuig dat hy bewus was dat die polisie die kinders met donshael in die strate skiet. Hy self het op 'n stadium weggehardloop, want hy het die polisie sien aankom, hoewel hy niks verkeerd gedoen het nie. Die polisie wou op 'n stadium in 'n ander insident sy vriend arresteer, terwyl sy vriend niks gedoen het nie.

Hy het toegegee dat hy self uit eie wil besluit het om by die ANC aan te sluit, militêre opleiding te ondergaan met die oog om te help in die stryd teen Suid-Afrika. Hy was vasbeslote om teen die Regering te baklei, het hy erken.

Hy het weer getuig en herhaal dat die eerste keer toe hy die polisiebeamptes by die polisiestasie Soekmekaar gesien het, was toe hulle by die klein hekkie instap/...

instap.

Hy is gevra, gesien die feit dat hierdie 'n skynaanval was, net om die polisie te laat skrik, waarom hulle die gebou nie van agter aangeval het of van die sykant nie. Sy antwoord was hulle moes eers sien waar die polisie was. Hy is daarna gevra maar waarom val hulle die polisiestasie van voor aan. Op hierdie vraag het hy ook nie 'n direkte antwoord gegee nie en weer gesê hulle het eers in die lug geskiet. Toe is die vraag aan hom gestel, sou die aanval minder effektief wees van die kant van die polisiestasie as van voor of agter. Sy antwoord was dat dit meer donker aan die kant van die polisiestasie was en dat 'n mens persone daar moontlik kon skiet. Toe is dit aan hom gestel maar indien hy nou die polisie sien aan die voorkant van die gebou, waarom nie, wetende dat daar net soveel polisie is, padgee en die gebou van 'n ander kant aanval nie. Hierop was sy antwoord dat hulle die polisie 'n kans gegee het om in die gebou te gaan skuil en het hy ontken dat hulle glad nie die gebou van voor met gewere bestook het nie, terwyl die polisie op die trappe gesit het. Hy is gewys na foto 40, BEWYSSTUK K, wat 'n merk aan die geut toon. Sy aandag was daarop gevestig dat konstabel Mothibe getuig het dat hy gesien het vuur kom van die kant af ten gevolge van 'n koeël wat teen die afleipyp geskiet is. Hy het toegegee dat dit so kon wees en kon nie 'n antwoord gee indien dit die situasie was, op sy vorige stelling dat voordat hulle geskiet het, die polisie weg van die gebou was.

Toe hy gevra is hoe hy beseer is aan sy bene, het hy getuig dat dit Lungile se handgranaat was wat afgegaan het. Hy het gesê dat hy aan sy regtervoet, aan die

binnekant/...

binnekant en aan sy linkerbeen beseer is en is toe gevra hoe het hy daardie beserings dan opgedoen as dit in aanmerking geneem word dat die handgranaat na regs agter hom gegooi is en hy beseer is aan die binnekant van sy bene, waarop hy getuig het dat hy na regs gedraai het. Daarop is sy aandag gevestig op die onmoontlikheid van die regs draai as ŉ rede vir die besering aan die binnekant van die voet, want dit sou sy binnedeel van die been nog verder wegneem van die kant vanwaar die ontploffing plaasgevind het. Sy antwoorde het nie die probleem opgelos nie.

Hy het getuig dat Lungile het die handgranaat gegooi wat daar ontplof het en hy sê die handgranaat het daar ontplof by daardie vlagpaal omdat hulle mense nie wou beseer nie.

Op ŉ vraag hoe Mashapa beseer is, indien hy in die gebou ingehardloop het na die eerste skoot afgevuur is en die handgranaat daarna ontplof het, het hy probleme ondervind om daardie situasie te verduidelik aan die Staatsaanklaer. Hy is gevra hoe hy sy handgranaat gegooi het en het getuig dat hy dit na die voorkant van die gebou gegooi het op die gras. Die handgranaat, soos dit beskadig is, is aan hom getoon en het hy, nadat foto 93, <u>BEWYSSTUK K</u>, aan hom getoon is, gesê dat hy dit gegooi het teen die trappe by die voordeur en ontken dat hy gesê het hy het dit op die grasperk of op die gras gegooi.

Hy het getuig dat hy self op geen stadium na die voordeur van hierdie voorste gedeelte van hierdie gebou geskiet het nie. Hy het wel na die deure van die gebou agter geskiet omdat hy seker was dat daar geen persone daar was nie. Die deure van die motorhuis waarna hy geskiet het word getoon op foto 65, <u>BEWYSSTUK K</u>.

'n Vraag is aan hom gevra, naamlik dat Mashapa sou gesê het dat hy in die aanklagtekantoor was toe daar teen die agterdeur of deur die agterdeur van die geboue-kompleks geskiet is, waarop die getuie geantwoord het dat dit reg is, hy het daarteen vasgeskiet met sy geweer. Hy kon op daardie stadium egter goed sien waarheen hy skiet.

Hy het erken dat hy beheer oor die hoeveelheid wapens gehad het wat daar by die DLB by Solomondale gevind is en die lys van wapens wat ook aangedui is deur adjudant offisier Ehlers.

In antwoorde op verdere vrae van die Hof het hy gesê dat hulle presies bespreek het waar elkeen sou wees tydens die aanval op Soekmekaar. Beskuldigde nr. 1 sou in die motorkar bly. Hy en Lungile sou in die perseel ingaan. Beskuldigde nr. 3 moes by die hoek van die straat staan en hulle waarsku as mense kom. Hy het maar aanvaar dat Lungile die handgranaat agter die gebou laat ontplof het, want dit is wat Lungile vir hom gesê het.

Hy het verder dit toegelig dat toe die skoot op die afleipyp afgetrek is, hy een meter binne-in die hek van die perseel gestaan het en dat die waterpyp raakgeskiet is terwyl daardie twee Swartlede van die Mag nog gesit het en dat dit toe was, nadat daardie waterpyp geskiet is, dat albei gevlug het.

Hy het verder getuig dat hy goed kan skiet. Dat hy die rigting van die patrone en koeëls kon bepaal en dat dit, hoewel hy die pyp raakgeskiet het, geen gevaar eintlik ingehou het vir die persone wat daar gesit het nie. Hy kon geen rede aantoon, behalwe om te sê dat dit donker was, waarom hulle die aanval van voor geloods het en nie van enige kant nie, veral die westekant van hierdie

gebouekompleks/...

geboukompleks.

Hy het verder getuig dat hy geen van die beskuldigdes ken nie. Daardeur bedoel hy beskuldigdes nr. 4 tot en met 9.

<u>BESKULDIGDE NR. 3</u> het getuienis afgelê. Hy is gebore op 5 September 1956 te Carolina. Hy het groot geword te Nelspruit en het skoolonderrig daar ondergaan terwyl hy by 'n oom en tante gebly het. Sy oom was 'n skoolonderwyser. Hy het St. 8 geslaag. In 1976 was hy in St. 9. Hy het glad nie deelgeneem aan enige vorm van demonstrasie waarin skoolkinders betrokke was nie, in hierdie tydperk van sy lewe nie. Hy het nie aan die demonstrasies deelgeneem nie, maar het gesien dat die polisie baie kinders op verskillende tye rondjaag. Hy is ook gejaag, dag en nag. Sy jongste broer is aangehou, maar later weer losgelaat. Sy broer het vir hom vertel dat die polisie vir hom ook soek, omdat hy een van die seniors was by sy skool. Hy was baie bang dat hy gearresteer sou word, want een van sy vriende is gearresteer en het teruggekeer met 'n gebreekte arm. Hy het ook ander stories van aanrandings gehoor. Gevolglik het hy in 1976 in Novembermaand besluit om Suid-Afrika te verlaat. As dit nie was vir die onrus nie, sou hy gebly het. Hy was tot op daardie stadium van die onruste glad nie betrek by enige politieke bewegings nie. Hy het tesame met ander groepe wat die land verlaat, gegaan na Botswana sonder enige reisdokumente. Hy is aangehou deur die polisie en terwyl hy in die Lobatsi polisiestasie was, het 'n beampte van die ANC hom opgesoek. Daardie beampte het die doelstellings van die ANC in Botswana aan hom verduidelik en wat hulle optrede teen Suid-Afrika beoog het. Eerstens en belangrikste was om die Swartmense

in Suid-Afrika wat aangehou was, te ontset. Gevolglik het hy besluit om by hierdie beweging, die ANC, aan te sluit. Hy het beskuldigde nr. 2 in Botswana ontmoet en ken geen van die ander beskuldigdes nie. Van Botswana is hy na Dar-es-Salaam en het beskuldigde nr. 1 in Maputo ontmoet nadat hy van Angola teruggekom het waar hy ook op 'n stadium onderrig ontvang het. Hy het nie uitgebrei oor die onderrig wat hy ontvang het, militêre onderrig en ander onderrig nie, maar gesê dat dit in hoofsake presies dieselfde was as dit wat beskuldigdes nrs. 1 en 2 oor getuig het. Hy het beklemtoon dat die ANC teen die voor-die-voet doodmaak van mense was. Hy het ook verduidelik die verskil tussen sy organisasie, die Rooi Brigade en die Baader Meinhof bende van Duitsland en in hooftrekke dieselfde gesê as wat beskuldigdes nrs. 1 en 2 oor die bendes gesê het.

Oor die aanval en die gyselaaraanhouding te Silverton, het hy getuig dat daardie tipe optrede nie val onder die beginsels van die ANC soos dit aan hom verduidelik is nie. Hy is gevra om die ANC-teikens te gee en het gesê dit was beperk tot geboue wat die beginsel van apartheid simboliseer en olie-raffinaderye en militêre installasies. Hy het beskuldigdes nrs. 1 en 2 in Maputo gesien, later is hy met hulle byeengeroep saam met 'n sekere Lungile en is aan die vier van hulle, naamlik beskuldigdes nrs. 1, 2, hyself en Lungile, verduidelik wat hulle opdrag was in verband met die aanval op die Soekmekaar polisiestasie. Hulle opdrag was eerstens, 'n basis opstel waar hulle kon bly; tweedens, die polisiestasie verken en seker maak dat die polisiestasie in die omgewing was van die plek waar die mense verwyder is, want die aanval op die polisiestasie sou van 'n politieke aard wees om aandag te vestig

op/...

op hierdie mense wat teen hulle sin, volgens hom, na 'n nuwe tuiste verskuif is. Wapens sou hy in Suid-Afrika kry. Beskuldigdes nrs. 1 en 2 het geweet waar dit sou versteek wees. Hy het nie geweet waar nie. Hulle het hierheen gekom, basis 1 opgerig, die wapens is deur beskuldigdes nrs. 1 en 2 gevind. Hulle drie het in basis 1 gebly en in die tussentyd die polisiestasie en die omgewing verken. In totaal het die verkenning ongeveer 21 dae geneem. Dit het hulle gedoen deur die plek in die dag en in die nag onder observasie te hou.

Hy het saamgestem met die getuienis deur die eienaar van die bakkie gegee, naamlik Montle. Hulle sou die bakkie aan Montle terugbesorg. Op foto 37 het hy aangetoon dat hy by punt T met 'n sirkel waggestaan het om te sorg dat ander mense nie na daardie area waar hulle nou besig was, kom nie. Beskuldigde nr. 1 sou by W in die bakkie sit. Indien 'n persoon daar sou kom, sou hy 'n skoot in die lug vuur om die ander daaroor te waarsku. Beskuldigde nr. 2 en Lungile het die daadwerklike aanval op die polisiestasie uitgevoer. Die eerste geraas wat hy gehoor het, was 'n sarsie geweervuur en daarna 'n handgranaatontploffing. In totaal het hy twee handgranaatontploffings gehoor. Hy het gesê dat hy ook skote afgevuur het, omdat hy in die verte die lig van 'n voertuig gesien het en as gevolg van die sarsie wat hy afgevuur het, het hierdie voertuig hom vinnig uit die voete gemaak.

Na die voorval het hy na die bakkie gegaan en ongeveer 17 kilometer van Duiwelskloof het hulle hierdie bakkie langs die pad gelaat. Dit het hulle gedoen nadat hulle die eienaar, Montle, probeer opspoor het, maar hom nie kon kry nie.

Hy/...

Hy het erken dat hy na sy arrestasie, 'n verklaring aan die landdros, BEWYSSTUK Z, gemaak het. Hy het dit benadruk dat hulle as lede van hulle taakmag, nie enige teiken self kon kies nie, maar dat die leiers van die ANC in Zambië sou bepaal het watter teikens aangeval moet word.

Hy het vir die eerste keer van Silverton verneem toe hy in Januarie 1980 te Carolina was.

Hy het erken dat hy opgelei was om teen die Regering met wapens te baklei en dat die doelstelling van die ANC
K173 was om die Regering van Suid-Afrika tot 'n val te bring en dat dit sou gedoen word deur gebruik van geweld. Na sy opleiding is hy terug na Suid-Afrika om hier te kom veg teen die Regering. Hy het weer beaam dat hy, beskuldigde nrs. 1 en 2 en Lungile bymekaar was toe die opdrag gegee was. Toe dit aan hom gestel is dat gesien die feit dat vier skote op die selle by die polisiestasie gevuur is, of hulle seker gemaak het dat daar nie gevangenes in die polisieselle was nie, het hy getuig dat volgens hulle ondervinding alle gevangenes direk na Pietersburg geneem is. Hy het erken dat by punt T waar hy gestaan het, daar 23 doppies gevind is en dat hy daardie skote afgevuur het. Hy het erken dat toe hy opleiding ontvang het, hy geweet het dat hy met sake besig is wat die dood tot gevolg kan hê en dat mense gedood en beseer kan word. Hy het dit egter gekwalifiseer deur te sê alleenlik indien hy of sy makkers in 'n hoek gedryf word. Hulle doel was nie om mense te dood nie.

Hy stem saam met die ANC dat die ANC graag vir Mandela bevry wou hê.

Oor die voorsorg wat hulle getref het met betrekking tot die aanval op Soekmekaar, is dit aan hom gestel

dat/...

dat polisie moontlik uit die polisiestasie kon uitgekom het met 'n geweer en dat sodoende persone beseer kon word. Sy antwoord hierop was dat hulle die aanval beplan het.

Oor die vraag dat daar 'n aanval geloods was en dat daardie aanval geloods was met die doel om mense nie te beseer nie en dat daar 'n mens inderdaad beseer is, het hy getuig dat hulle dit nie voorsien het dat 'n persoon so beseer kon word in die aanval nie. Hy het verder getuig dat hy 'n skerpskutter is in die gebruik van 'n AK-47 en dit so goed kon beheer dat hy met gemak binne 'n omtrek van omtrent 2 duim x 2 duim kon skiet.

Beskuldigde nr. 3 het ook getuig dat beskuldigde nr. 2 hulle leier was en hoewel hy jonger is as hulle, maak ouderdom geen saak nie. Hy was aangestel as die leier en hulle moes na hom luister, binne die raamwerk van hulle opleiding. Hy het verder getuig dat die beplanning van die aanval saam gedoen is deur al vier van hulle.

BESKULDIGDE NR. 4 is op 27 Januarie 1953 gebore. Sy vader was 'n onderwyser het skool gehou te Boons waar hy sy eerste jare deurgebring het tot St. 6. In St. 8 het hy na Orlando gegaan waar hy in 1972 gematrikuleer het. Hulle huisgesin was groot. Daar was nie geld vir skool nie en hy is onderhou deur die Rand Bursary Fund. Hy het getuig van 'n bevel wat deur die Bantoesakekommissaris uitgereik is in die omgewing van 1967, naamlik dat die mense wat daar gebly het te Boons en ook sy ouers moes verskuif na Ledig. Sy oupa was hierby betrokke, en was een van die persone wat saam met drie-kwart van die ander persone nie na die nuwe verblyfplek wou verhuis nie. Volgens beskuldigde nr. 4 was daar 'n landkaart wat sou aangetoon het dat die grond gekoop is van Paul Kruger. 'n Kwart van die mense het

na die nuwe plek gegaan. Later, sê hy, was van die mense wat probleme verskaf het, gearresteer en na Pretoria geneem. Die vrouens en kinders wat agtergebly het is toe verwyder en na die nuwe tuiste verskuif. Volgens hom was die land en die grond by Ledig nie so ryk as die plek waar hulle gewoonlik geploeg het te Boons nie. Dit is baie warm en geleë teen die voet van die Magaliesberg. Daar was geen weiding beskikbaar nie en al die mense wat getrek het moes eers hulle kleinvee en vee verkoop het voordat hulle na die nuwe plek kon gaan. Sy oupa het nie hierdie toestand van sake aanvaar nie en hy het 'n rebel gebly tot hy uiteindelik dood is in Ledig. Hy het altyd gehunker om terug te keer na Boons.

Die beskuldigde het getuig dat hy vanaf Oktober 1973 tot 1975 besef het wat daar aangegaan het in Soweto, maar hy was self nie betrokke by enige van die politieke agitasies nie. In 1975 is hy gearresteer. Hy het nie sy bewysboek by hom gehad nie. Hy was gevonnis tot 14 dae gevangenisstraf en het dit uitgedien te Modderbee waar hy uitgehuur is aan 'n boer. Die toestand op die plaas was erger as in die tronk. Hy het gevoel dat hy nie skuldig was aan die misdaad waarvan hy skuldig bevind is nie.

Wat die onluste in 1976 betref, het hy dit benader op die basis dat dit vir die studente was en hy nie daarby betrokke moes wees nie. Hy was egter betrokke by 'n insident op 2 Junie 1976 toe hy en vriende by 'n sekere spoorwegstasie by Ekwezi vertoef het en daar gesien het hoe die skoliere met die polisie slaags geraak het. Die polisie het vir geen rede nie op hulle geskiet, een persoon is gedood en sy lyk is met koerantpapiere bedek. Hy het dieselfde gesien by Mzinhlope. Hy het gesien dat daar

skote/...

skote deur die polisie afgevuur word, kinders het in alle rigtings gehardloop, een student was op die grond, die polisie het na hom toe geloop terwyl hy daar op die grond gelê het en hom op kort afstand doodgeskiet. Hierdie gebeure het hom geweldig ontstel. Hy was toe al bewus daarvan dat persone die land verlaat het en besig was om die land te verlaat en het ten gevolge van hierdie gebeure ook besluit om pad te gee. Op daardie stadium was hy in diens van Die Beeld koerant as 'n bestuurder van 'n ligte-afleweringsvoertuig. Dit was in 'n botsing betrokke toe hy een naweek besig was om terug te keer nadat hy mense afgelaai het. Die voertuig was 'n totale wrak. Gevolglik het die maatskappy hom beveel om R300 skadevergoeding te betaal. Hy het daardie bedrag nie gehad nie en dit was ook een van die redes waarom hy besluit het om na Botswana te gaan. Hy wou wegkom van hierdie situasie en het gedink dat mense aan die ander kant van die draad beter lewe. Hy het nie sy ouers hiervan vertel nie, want hy was bang hulle sou hom verhoed om te gaan. In Botswana het hy na die polisiestasie te Gaberone gegaan. Daar het hy vorms ingevul nadat foto's van hom geneem is, later is hy deur lede van die ANC verblyfplek gegee. Hy het ses weke in Gaberone gebly. Hy was nie bekend met die doelstellings van die ANC of die organisasie as sulks nie. Al wat hy van hulle geweet het, is wat hy in die koerante gelees het. In Gaberone het hy geleer waarvoor die ANC staan. Ek gaan dit nie herhaal nie. In hooftrekke is dit dieselfde as wat beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3 oor getuig het. Wat ter sake is, is dit dat hy daar gesê is, en hy het dit benadruk, dat die ANC was nie gekant teen die Witmense as 'n ras nie, maar dat hulle gekant was teen die wette wat

die apartheidsisteem op hulle afgedruk het. Hy het uitgebrei oor die wyse waarop die ANC die Regering tot 'n val sou bring. Die gewapende stryd sou wees teen geboue, wat simbole van apartheid was en het hy benadruk, dit is net daardie geboue wat te doene gehad het met een of ander vorm van apartheidswetgewing of die beginsels van die apartheid wat oorval sou word.

Nadat hy dit nou alles verneem het, het hy besluit om by die ANC aan te sluit. Hy het ook toegestem om militêre opleiding te ontvang en het, onder andere, hierdie opleiding ontvang in Angola by die Funda-kamp, "engineering" kamp en te Nova Katenga.

Weer het hy verwys na die Baader Meinhof-bende en die Black September-bende en gesê dat hy geleer is dat hulle nie daardie vorm van optrede in die ANC duld nie en het hy verder gesê, 'n aanval op die Silverton bank sou teenstrydig wees met die beginsels van die ANC en die rede daarvoor was, dat om persone as gyselaars aan te hou, die gewone mense en 'n bank aan te val, teen die beginsels van die ANC was.

Hy het getuig dat hy baie lank siek was aan asma in Mosambiek en gereeld tot in Oktober 1979 mediese behandeling ontvang het. Hy is toe sy eerste opdrag gegee, naamlik om hier drie basisse te stig, onder andere Ga-Rankuwa en terug te rapporteer. Daarom het hy op 22 Oktober 1979 via Oshoek en 'n Swazi-dokument wat vervals was, die Republiek binnegekom. Hy het die basisse hier gestig en teruggerapporteer aan sy leiers in Swaziland in November 1979. Op 22 November 1979 is hy terug na Suid-Afrika. Hy is 'n dokument gegee waarop daar 'n plan verskyn het wat sou aantoon waar 'n DLB was waarin daar wapens was. Hy moes 'n

sekere/...

sekere Tabo ook hierso opspoor. Hy het die DLB gevind en kon nie vir Tabo opspoor nie en het gevolglik teruggegaan na Mosambiek.

Op 9 Desember 1979 kom hy terug na Suid-Afrika tesame met beskuldigde nr. 5 en Zindile (terloops een van die terroriste wat gedood is in die bank). Zindile het hy die eerste keer in November 1979 ontmoet. Hy het ook getuig dat hy die ander twee terroriste wat in Silverton gedood is gesien het in Mosambiek, maar hy het nie enigiets met hulle te doen gehad nie. Sy opdrag was om die Waltloo petrol-opslagplekke te verken met die doel om die petrolopslagplekke te vernietig. Hulle sou self hier besluit wanneer hulle die petrolopslagplekke sou aanval. Die opslagplek sou aangeval word met 'n RPG-7 Bazooka, soos hy daarna verwys het, of, indien dit nie raadsaam was om daardie projektiel te gebruik nie, sou hulle die tenks met plofstowwe vernietig het. Die opdrag om die tenks aan te val het hy gekry van sy leiers in Mosambiek. Self was hy nie gemagtig om so 'n teiken te kies nie.

Hy het ontken dat hy enige rang in die organisasie beklee het en sê dat hy 'n gewone soldaat was. Die wapens het hy gekry by die DLB soos aangetoon op BEWYSSTUK AC, foto's 1 en 2 en het erken dat dit hy was wat daardie plek uitgewys het. Verder het hy ook verwys na die basisse wat hy gestig het, onder andere "half-way" en basisse C en D waarna ek verwys het op foto 11, BEWYSSTUK AC. Hy het getuig dat hy, Zindile en beskuldigde nr. 5 na die basis in Ga-Rankuwa in 1979 gegaan het. Daar het hulle vir ongeveer 8 dae vertoef en het hy erken dat hy 'n skets gemaak het van die petrolopslagplekke te Waltloo op die agterkant van 'n sigaretdosie, BEWYSSTUK 21, waarna kaptein Nel

verwys/...

verwys het. Hy het getuig dat op die stadium dat hy gearresteer is, hulle nog nie besluit het op 'n finale datum of dag wanneer hulle die opslagplekke sou aanval nie, indien hulle dit beskou het as te gevaarlik sou hulle na Mosambiek teruggekeer het onverrigtersake. Hy het Zindile laas op 17 Desember 1979 gesien. Hy het met niemand of met Zindile die aanval op die bank te Silverton bespreek nie, en was self onbewus van so 'n aanval. Oor 'n abortiewe aanval op die tenks te Waltloo, kon hy geen inligting van gee nie en getuig dat hy nie daar was nie. Verder het hy getuig dat hy deur adjudant offisier Van der Westhuizen aangerand was, 'n klagte gelê het en het hy ontken dat hy die polisiestasie te Villieria en Pretoria-Wes vrywilliglik uitgewys het. Al wat gebeur het, is dat Van der Westhuizen hom daarheen geneem het en 'n foto van hom geneem het. Daar was geen planne om enige van hierdie polisiestasies aan te val nie. Hy het ontken dat hy enigiets weet van die "Revolutionary Council document" wat Zulu na verwys het en getuig dat die ANC gebaseer is op die Freedom Charter.

Oor die uitwys van wapens te Springs, het hy getuig dat hulle te Eldorado Park was. Van der Westhuizen was daar en het vir hom gevra wat hy weet van Springs. Hy het geantwoord dat hy gehoor het dat iemand daar gearresteer was. Op 25 Februarie is hy deur 'n sekere mnr. Strydom en 'n Swartpolisieman by naam van Lesatsi geneem vanaf die Compolgebou, Pretoria na Springs. Hy was nog nooit in Springs vantevore nie. By die plek waar hy na bewering die DLB sou uitgewys het, was teenwoordig luitenant Botha, Van der Westhuizen, Strydom en 'n ander lid van die Mag. Hulle het hom geneem na 'n gat en langs die betrokke gat in

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.